


MEESTERSTUK MISLEIDINGS

KRONINGSTONELE IN DIE GROOT DRAMA VAN BEDROG



MET GRUWELIKE MISLEIDNG VAN DIÉ WAT VERLORE GAAN,
OMDAT HULLE NIE DIE WAARHEID LIEFGEHAD EN TOT HULLE
REDDING AANVAAR HET NIE. — 2 TESS. 2:10.

INHOUD

1. Geeste van die afgestorwenes	p. 3
2. God se spesiale dag	p. 17
2.1 Die Tien Gebooie - onveranderlik	p. 19
2.2 Hoe die Sabbat verander is	p. 23
3. Die Christen Sabbat	p. 38
4. Kom uit Babilon	p. 47
5. Sabbat of Sondag - wie gee om?	P. 52
6. Die derde persoon in die Godheid in die geskrifte van Ellen White	p. 54

Saamgestel deur: dr. *Hans Koen*

Tel: 021 872 8756 of 076 689 9246

e-pos: estellie@telkomsa.net

1. GEESTE VAN DIE AFGESTORWENES

VADER VAN LEUENS

Terwyl die ewige lewe die erfenis van die regverdige is, is verwoesting die goddelose se deel. **Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.** - Rom. 6:23. Die dood waarna in hierdie Skrifgedeelte verwys word, is nie dit wat oor Adam aangekondig is nie, want alle mense ly die straf van sy oortreding. Dit is die "tweede dood" wat in kontras met die ewige lewe geplaas word. Die enigste een wat Adam lewe in ongehoorsaamheid belowe het, was die groot misleier. En die verklaring van die slang aan Eva in Eden - **Julle sal beslis nie sterf nie** - was die eerste preek wat oor die onsterflikheid van die siel gepreek was. Nogtans, hierdie verklaring, wat uitsluitlik op die gesag van Satan berus, word van die kansels van die Christendom verkondig en word net so geredelik deur die meerderheid mense as ons eerste ouers aanvaar. Die Goddelike sinsnede, **Die mens wat sondig, sal sterwe** (Esegiël 18:20), is vir diesulkes bedoel om te beteken: Die siel wat sondig, sal nie sterf nie, maar vir ewig lewe. Ons kan nie anders as om te wonder oor die vreemde gedrag wat mense so liggelowig en goedgelowig maak ten opsigte van die woorde van Satan en so ongelowig met betrekking tot die woorde van God nie.

As gevolg van Adam se sonde het die dood oor die hele menseras gekom. Almal daal in die graf neer. En deur die voorsiening van die verlossingsplan, sal almal uit hulle grafte te voorskyn gebring word. **Ek het my hoop op God gestel, en net soos hulle verwag ek dat alle mense, goeies en slegtes, uit die dood sal opstaan.** - Hand. 24:15. **Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word.** - 1 Kor. 15:22. Maar 'n onderskeid word gemaak tussen die twee groepe wat te voorskyn gebring sal word. **Daar**

kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word. - Joh. 5:28,29.

Hulle wat waardig geag is tot die opstanding van die lewe is "geseënd en heilig." **Oor hulle het die tweede dood geen mag nie.** - Openb. 20:6. Maar diegene wat nie, deur berou en geloof, vryspraak verkry het nie, moet die straf vir hulle oortreding kry - "die loon van die sonde."- Vernietiging. 'n Geïnspireerde skrywer sê: **Nog 'n rukkie en daar sal geen goddelose meer wees nie; 'n mens sal hom soek waar hy was, maar hy sal daar nie wees nie.** - Psalm 37:10. En 'n volgende verklaar: **Hulle sal word asof hulle nooit bestaan het nie.** - Obadja 16. Bedek met skandelikheid, sink hulle weg in hooploosheid en ewige vergetelheid.

So sal daar 'n einde aan sonde kom met al die ellende en smart en verderf en ongeluk en ondergang wat die resultaat daarvan was. Die psalmis sê: *U het die nasies met vernietiging gedreig, die skuldiges laat omkom, hulle naam vir altyd uitgewis. Dit is klaar met die vyand, daar bly net puinhope oor. U het hulle stede verwoes, niemand dink eers meer aan hulle nie.* - Psalm 9:6,7. Johannes, in Openbaring, kyk vorentoe na die ewige koninkryk en hoor 'n universele lied van lofprysing, nie deur 'n enkele vals noot versteur nie. Elke skepsel in die hemel en op die aarde bring die lof en die eer en die heerlikheid aan God (Openb. 5:13). Daar sal dan geen siel wees om God te laster nie.

BELONING VOOR VEROORDELING?

Voordat enigeen die herehuse van die geseëndes kan ingaan, moet hulle sake ondersoek wees en hulle karakters en daade moet in beoordeling voor God verskyn. Almal moet geoordeel word volgens die dinge in die boeke opgeskryf en om beloon te word soos hulle werke was. Hierdie oordeel vind nie by afsterwe plaas nie. Let op die woorde van Paulus: **Hy het 'n**

dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan. - Hand. 17:31. Hier stel die apostel dit baie duidelik dat 'n spesifieke tyd, in die toekoms, vir die oordeel van die wêreld vasgestel is.

Judas verwys na dieselfde tydperk: *Dink ook aan wat gebeur het met die engele wat hulle nie binne hulle eie magsgebied gehou het nie, maar hulle aangewese woonplek verlaat het. Kyk, die Here kom met sy duisende heilige engele en Hy sal oor almal oordeel.* - Judas 6,14,15. Johannes verklaar: *Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het.* - Openb. 20:12.

Maar as die dooies alreeds die saligheid en geluk van die hemel geniet of in die vlamme van die hel gefolter word, wat is dan die nodigheid van 'n toekomstige oordeel? Die leringe van God se Woord oor hierdie belangrike sake is nòg duister nòg teenstrydig. Dit kan deur gewone verstande verstaan word. Maar watter eerlike verstand kan enige wysheid of regverdigheid in die huidige leerstelling sien? Sal die regverdiges, na die ondersoeking van hulle sake by die oordeel, dié beloning ontvang: **Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Kom in en deel in My vreugde** (Matt. 25:21), terwyl hulle al miskien eeue lank in Sy teenwoordigheid verkeer? Word die goddeloses uit die plek van foltering ontbied om dié vonnis van die Regter van die hele wêreld te ontvang: **Gaan weg van My af, julle vervloektes. Gaan na die ewige vuur.** - Matt. 25:41. O, wat 'n bespotting! 'n Skandelik bespotting van die wysheid en regverdigheid van God!

Nêrens in die Skrif is die verklaring te vinde dat die regverdiges na hulle beloning of die goddeloses na hulle straf by afsterwe gaan nie. Die

patriarge en profete het geen sodanige versekering nagelaat nie. Christus en Sy apostels het geen wenk daarvoor gegee nie. Die Bybel leer duidelik dat die dooies nie onmiddellik hemel toe gaan nie. Hulle word voorgestel as slapende tot die opstanding (vgl. 1 Thess. 4:14 en Job 14:10-12). Die dag wanneer die silwerdraad afgebreek word en die goue kruik breek (Prediker 12:6), vergaan die mens se gedagtes. Hulle wat in die graf neerdaal, is in stilte. Hulle weet van niks wat onder die son gebeur nie (Job 14:21). *Geseënde rus vir die uitgeputte regverdiges! Tyd, of dit lank of kort is, is vir hulle slegs 'n oomblik. Hulle slaap, hulle word deur die trompet van God tot 'n glorieryke onsterflikheid wakker gemaak. By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogwink gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word en ons sal verander word. Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike. En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word: Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.* - 1 Kor. 15:52-54. Soos hulle uit hulle diepe sluimering uitgeroep word, begin hulle denke waar dit geëindig het. Wanneer hulle uit die graf verrys, sal hulle eerste, blye gedagte in die triomfantlike uitroep weerklink: **Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?** - 1 Korint. 15:55.

BYBELSE LERING VERDRAAI

Die bediening van heilige engele, soos in die Skrif aangebied, is 'n baie vertroostende en kosbare waarheid vir elke volgeling van Christus. Maar die Bybelse lering in verband met hierdie saak is deur die dwaalleer van die populêre teologie verduister en verdraai. Die leerstelling van natuurlike onsterflikheid, aan die heidense filosofie ontleen, en in die duisternis van die groot afvalligheid in die Christelike geloof ingebring,

het die waarheid, wat so duidelik in die Skrif geleer word, dat "die dooies van niks weet nie" vervang. Menigtes het begin glo dat dit die geeste van die dooies is wat **almal geeste in diens van God [is] wat Hy uitstuur om dié te dien wat die saligheid gaan beërf.** - Heb. 1:14. En dit nieteenstaande die getuïenis van die Skrif vir die bestaan van hemelse engele en hulle verbintenis met die geskiedenis van die mens nog voor die dood van 'n menslike wese.

DIE WORTEL EN BESTAANSGROND VAN SPIRITISME

Die leerstelling van die mens se bewus wees in die dood, in besonder die opvatting dat die geeste van die dooies terugkeer om die lewendes te bedien, het die weg vir moderne spiritisme voorberei. As die dooies in die teenwoordigheid van God en heilige engele toegelaat word en met kennis, wat hulle voorheen nie besit het nie, begenadig is, hoekom behoort hulle dan nie na die aarde terug te keer om die lewendes in te lig en te onderrig nie? As, soos deur populêre teoloë geleer word, die geeste van die dooies bokant hulle vriende op aarde sweef, hoekom behoort hulle nie toegelaat te word om met hulle te kommunikeer om hulle teen die bose te waarsku, of om hulle in smart en droefheid te troos nie? Hier is 'n kanaal wat as heilig beskou word en waardeur Satan werk vir die uitvoering van sy doelwitte. Die gevalle engele wat sy bevele uitvoer, verskyn as boodskappers van die geesteswêreld. Terwyl hulle daarop aanspraak maak om die lewendes in verbinding met die dooies te bring, oefen die prins van sonde sy betowerende invloed op hulle verstand uit.

VERLEIDENDE GEESTE

Satan het die mag om voor die mense hulle afgestorwe vriende of familie te laat verskyn. Die vervalsing is perfek: die bekende voorkoms, die woorde, die stemtoon word met wonderbaarlike akkuraatheid nageboots. Baie word vertroos met die versekering dat hulle geliefdes die geluk en

vreugde van die hemel geniet en sonder die agterdog van gevaar gee hulle gehoor aan "misleidende geeste en die leerstellings van bose geeste" (Kyk 1 Tim. 4:1).

Wanneer hulle daartoe gelei word om te glo dat die gestorwene in werklikheid terugkeer om met hulle te kommunikeer laat Satan hulle verskyn. Hulle maak aanspraak dat hulle gelukkig in die hemel is en selfs om verhewe posisies daar te beklee. Sodoende word die valsheid wyd verkondig/geleer dat daar geen verskil tussen die regverdige en die goddelose gemaak word nie. Die besoekers van die geesteswêreld uiter soms vermanings en waarskuwings wat as korrek bewys is. Dan, soos vertrouwe gewen word, bied hulle leerstellings wat direk geloof in die Skrifte ondermyn. Onder die voorwendsel van 'n diepe belangstelling in die welstand van hulle vriende op aarde insinueer hulle die gevaarlikste valshede. Die feit dat hulle enkele waarhede konstateer, en soms in staat is om toekomstige gebeure te voorspel, verleen aan hulle verklarings die voorkoms van betroubaarheid. Hulle vals leringe word deur menigtes maklik aanvaar en onvoorwaardelik geglo asof dit die heilige waarhede van die Bybel is. Die wet van God word verwerp, die Gees van genade verag, die bloed van die verbond as iets onheiligs gereken. Die geeste ontken die Goddelikheid van Christus en plaas selfs die Skepper op dieselfde vlak as hulle. Sodoende, onder 'n nuwe vermomming, sit die groot misleier steeds sy oorlogvoering teen God, wat in die hemel begin was, al vir ongeveer sesduisend jaar op aarde voort.

BOSE GEESTE IS WERKLIK!

Baie streef daarna om geestelike manifestasies te verklaar deur hulle geheel en al aan bedrieëry en 'n goëltoertjie aan die kant van die medium toe te skryf. Maar terwyl dit waar is dat die resultate van kullery dikwels as egte manifestasies afgemaak word, was daar ook aangetekende vertonings van bonatuurlike krag. Die geheimsinnige kloppe teen die

kamermuur van die Fox-susters, waarmee die moderne spiritisme begin het, was nie die resultaat van menslike kullery of bedrewenheid nie, maar was die direkte werk van bose engele. Dit het een van die suksesvolste, sielsverwoestende misleidings voortgebring. Baie sal deur die geloof dat spiritisme blote menslike bedrieëry is in 'n lokval gelei word. Wanneer mense van aangesig tot aangesig met manifestasies, wat hulle nie anders as bonatuurlik kan beskou nie, gebring word, sal hulle mislei word en hulle sal gelei word om dit as die groot krag van God te aanvaar.

Hierdie mense sien die getuienis van die Skrifte in verband met die wonders, wat deur Satan en sy agente bewerkstellig word, oor die hoof. Dit was deur sataniese hulp dat Farao se towenaars in staat gestel was om die werk van God na te maak. Paulus getuig dat daar voor die tweede koms van Christus soortgelyke manifestasies van sataniese krag sal wees. Die koms van die Here sal voorafgegaan word *deur die werking van die Satan sal die verskyning die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders en met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie. Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo. En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word.* - 2 Thess. 2:9-12. En die apostel Johannes, wanneer hy die wonderwerkende krag wat in die laaste dae sal manifesteer, beskryf, verklaar: *Hy doen groot tekens, sodat hy selfs vuur van die hemel af op die aarde laat kom vir die mense om te sien. Aan hom is daar mag gegee om wondertekens namens die dier te doen, waardeur hy die bewoners van die aarde mislei.* - Openb. 13:13,14. Nie blote misleiding word hier voorspel nie. Mense word deur die wonders wat Satan se agente die mag het om te doen, mislei en nie wat hulle voorgee om te doen nie.

Die prins van duisternis, wat so lank die magte van sy meester-brein aan die werk van misleiding toegewy het, pas met bedrewenheid sy versoekings by mense van alle klasse en toestande aan. Aan ontwikkelde persone bied hy spiritisme in sy meer verfynde en intellektuele aspekte aan en sodoende slaag hy daarin om baie in sy lokval in te trek. Die wysheid wat spiritisme meedeel, is dit wat deur die apostel Jakobus beskryf word **kom nie van Bo nie, maar is aards, sinlik, demonies**. - Jakobus 2:15. Sodoende mislei die groot misleier wanneer misleiding sy doel die beste pas. Hy wat geklee met die helderheid van die hemelse serafs voor Christus in die wildernis van versoeking kon verskyn, kom na die mens in die aantreklikste wyse, as 'n engel van die lig. Hy doen 'n beroep op die verstand deur die aanbieding van verhewe temas; hy verskaf genot aan die verbeelding met verruklike tonele. Daardie magtige wese wat die wêreld se Verlosser na 'n besonder hoë berge kon neem en voor Hom al die koninkryke van die aarde in hulle heerlikheid kon bring, sal sy versoekings aan die mens bied om die sintuie van almal, wat nie deur Goddelike krag beskerm is nie, op 'n dwaalspoor te bring.

PASOP VIR DIE VALSTRIK!

Maar niemand hoef deur die bedrieglike aansprake van spiritisme mislei te word nie. God het aan die wêreld voldoende lig gegee om hulle in staat te stel om die valstrik agter te kom. Die teorie wat die ware fondament van spiritisme vorm, is in stryd met die duidelikste verklarings van die Skrif. Die Bybel verklaar dat die dooies niks weet nie, dat hulle gedagtes vergaan het; hulle het geen deel aan enigiets wat onder die son gedoen word nie; hulle weet niks van die vreugdes en hartseer van diegene wat die dierbaarste vir hulle op aarde was nie.

Verder, God het uitdruklik alle voorgenome kommunikasie met die geeste van afgestorwenes verbied. In die dae van die Hebreërs was daar mense wat daarop aanspraak gemaak het, soos die spiritiste vandag, om

kommunikasie met die dooies te gehad het. Maar "hulle gode", soos hierdie besoekers van ander wêreld genoem is, word deur die Bybel "geeste van duiwels" genoem (vgl. Numeri 25:1-3; Psalm 106:28; 1 Kor. 10:20; Openb. 16:14). Die werk om met bekende geeste om te gaan was 'n gruwel vir die Here en was ernstig met die doodstraf verbied (vgl. Lev. 19:31; 20:27). Die aanspraak dat mense met bose geeste in verbinding kan tree, word as 'n fabel van die Donker Eeue beskou. Maar spiritisme, wat sy bekeerlinge by die miljoene tel, wat sy pad in wetenskaplike kringe gevind het, wat kerke binnegeval het en guns in wetgewende liggame gevind het - selfs in koninklike paleise - hierdie reuse misleiding is maar net 'n herlewing, in 'n nuwe vermomming, van die towerkuns wat van ouds af veroordeel en verbied was.

As daar geen ander bewys van die ware karakter van spiritisme is nie, is dit vir die Christen voldoende dat die geeste geen verskil tussen geregtigheid en sonde, tussen die edelste en reinste van die volk van Christus en die verdorwe diensknegte van Satan maak nie. Die apostels, soos deur hierdie leuenagtige geeste verpersoonlik, word voorgestel om wat hulle onder die inspirasie van die Heilige Gees geskryf het toe hulle op aarde was te weerspreek. Hulle ontken die Goddelike oorsprong van die Bybel en skeur sodoende die fondament van die Christen se hoop weg en doof die lig uit wat die weg na die hemel openbaar. Satan laat die wêreld glo dat die Bybel blote fiksie is, of ten minste 'n boek geskik vir die kinderjare van die mens en moet nou ligtelik opgeneem of tersyde gestel word as verouderd. En om die plek van die Woord van God in te neem, hou hy geestelike manifestasie voor. Hier is 'n kanaal wat ten volle onder sy beheer is; op hierdie wyse kan hy die wêreld laat glo wat hulle wil. Die Boek wat hom en sy volgelingen gaan oordeel, word in die skadu geplaas, net waar hy dit wil hê. Die Redder van die wêreld word tot 'n gewone mens gedegradeer. En soos die Romeinse wagte wat die graf van Jesus bewaak het die vals verslag, wat die priesters en ouderlinge in hulle mond gelê het,

om die opstanding van Jesus te weerlê, so probeer diegene wat in geestelike manifestasies glo om dit te laat voorkom dat daar niks wonderbaarliks in die omstandighede van ons Verlosser se lewe is nie. Na Jesus sodoende op die agtergrond geskuif is, soek hulle die aandag vir hulle eie wonders en verklaar dat dit die werke van Christus ver oortref.

SPIRITISME DRING DIE CHRISTENDOM BINNE

In sy huidige vorm is spiritisme baie gevaarliker, omdat dit 'n meer subtile misleiding is. Terwyl spiritisme vroeër Christus en die Bybel veroordeel het, verklaar dit nou dat albei aanvaar word. Maar die Bybel word op so 'n wyse geïnterpreteer dat dit vir die onwedergebore hart aanneemlik is, terwyl die plegtige en lewensbelangrike waarhede tot van nul en gener waarde gemaak word. Liefde is die hoofeenskap van God, maar dit word tot flou sentimentalisme gedegradeer wat 'n geringe onderskeid tussen goed en boos maak. God se geregtigheid en regverdigheid, Sy veroordeling van sonde, die vereistes van Sy heilige wet word almal uit die oog verloor. Die mense word geleer om die Tien Gebooie as 'n dooie letter te beskou. Aangename, betowerende fabels boei en bekoor die sintuie en lei mense om die Bybel as die fondament van hulle geloof te verwerp. Christus word waarlik net soos voorheen ontken en verloën, maar Satan het die oë van die mense so verblind dat die misleiding nie onderskei en herken word nie.

Daar is min mense wat 'n ware begrip het van die misleidende krag van spiritisme en die gevaar om onder die invloed daarvan te kom. Baie peuter daarmee bloot om hulle nuuskierigheid te bevredig. Hulle het geen werklike geloof daarin nie en sal met afgryse vervul wees by die gedagte daaraan om hulself aan die geeste se beheer oor te gee. Maar hulle waag dit op die verbode grond en die magtige verwoester oefen sy mag oor hulle uit teen hulle wil. As hulle een keer oorgehaal word om hulle verstand aan sy voorskrifte te onderwerp hou hy hulle gevange. Dit is onmoontlik, in

hulle eie krag, om van die betowerende, verleidelike aantrekkingskrag weg te breek. Niks, behalwe die krag van God, in antwoord op die ernstige gebed in geloof geskenk, kan hierdie in-'n-lokval-geleide siele bevry nie.

Die profeet Jesaja sê: *Mense sê julle moet mediums en spiritiste raadpleeg wat fluister en mompel, maar moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie? Waarom sou 'n mens dooies in belang van lewendes raadpleeg? Terug na die wet en die getuienis van die Here! Wie nie volgens hierdie woord praat nie, is sonder toekoms!*- Jes. 8:19,20. As mense gewillig was om die waarheid, wat so duidelik in die Skrifte in verband met die natuur van die mens en die toestand van die dooies vermeld word, te ontvang, sou hulle in die aansprake en manifestasies van spiritisme die werking van Satan met krag en tekens en bedrieglike wonders sien. 'n Menigte sluit hulle oë vir strikke wat Satan om hulle weef en hulle word sy prooi. **Omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie**, daarom sal **God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo.**- 2 Tess. 2:10,11.

Diegene wat die leerstellings van spiritisme teenstaan, val nie net persone aan nie, maar Satan en sy engele self. Hulle het 'n worstelstryd teen owerhede en magte en wêreldheersers van die duisternis en teen die bose geeste in die lug betree (vgl. Efes. 6:12). Satan sal nie een sentimeter grond prysgee nie, tensy hy deur die krag van hemelse boodskappers teruggedryf word. Die volk van God behoort in staat te wees om hom, soos ons Verlosser gedoen het, met die woorde, **Daar staan geskrywe**, teen te staan. Satan sal, soos in die dae van Christus, die Skrif aanhaal en hy die leringe daarvan verdraai om sy eie misleidings te ondersteun. *Diegene wat in hierdie tyd van gevaar wil staande bly, moet vir hulself die getuienis van die Skrifte verstaan.*

DUIWELS SAL GELIEFDES NABOOTS

Baie sal deur geeste van duiwels wat familie of vriende naboots, gekonfronteer word en die gevaarlikste dwaalleer verkondig. Hierdie besoekers sal op ons teerste gevoelens speel en sal wonders bewerk om hulle aansprake te ondersteun. Ons moet voorbereid wees om hulle met die Bybelse waarheid, dat die dooies niks weet nie, te weerstaan en dat hulle wat aldus verskyn die geeste van duiwels is.

Reg voor ons is **die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.** - Openb. 3:10. Almal wie se geloof nie stewig op die Woord van God gevestig is nie, sal mislei en oorwin word. Satan werk **met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders en met gruwelike misleiding** om beheer oor die mense te verkry en sy misleiding sal aanhoudend vermeerder. Maar hy kan sy doel slegs bereik soos mense vrywillig aan sy misleiding toegee.

Diegene wat ernstig na 'n kennis van die waarheid soek en daarna streef om hulle siele deur gehoorsaamheid te reinig en sodoende doen wat hulle kan om vir die konflik voor te berei, sal in die God van waarheid 'n onfeilbare beskerming vind. **Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel,** Openb. 3:10, is die Verlosser se boodskap. Hy sou eerder elke engel uit die hemel stuur om Sy volk te beskerm as om een siel wat op Hom vertrou te los om deur Satan oorwin te word.

Die profeet Jesaja openbaar die verskriklike misleiding wat oor die goddeloses sal kom en wat sal maak dat hulle hulself veilig van God se oordele sal reken: **Ons het 'n ooreenkoms met die dood, ons het 'n verstandhouding met die doderyk; wanneer die vloed aangestroom kom,**

sal hy ons nie tref nie. Ons het die leuen ons skuilplek gemaak, ons kruip veilig weg agter die valsheid. - Jes. 28:15. Diegene wat hier beskryf word, is hulle wat in hul hardkoppige onboetvaardigheid hulself vertroos met die versekering dat daar geen straf vir die sondaar sal wees nie; dat alle mense, maak nie saak hoe verdorwe nie, na die hemel verhef en verheerlik sal word om soos die engele van God te word. Hulle aanvaar die skuilplek van leuens wat deur Satan aangebied word - die misleidende aansprake van spiritisme.

ONGELOOFLIKE BLINDHEID

Wonderbaarlik, onuitspreeklik is die blindheid van hierdie generasie. Duisende verwerp die Woord van God as onwaardig om geglo te word en ontvang met gretige vertrouwe die misleidings van Satan. Skeptici en spotters veroordeel die toewyding van diegene wat vir die geloof van profete en apostels stry. Hulle draai weg deur die plegtige verkларings van die Skrifte in verband met Christus en die plan van verlossing en die vergelding wat oor die verwerpers van die waarheid sal kom bespotlik te maak. Hulle gee voor dat hulle groot medelyde en jammerte het vir verstande wat so bekrompe, swak en bygelowig is om die aansprake van God te erken en om die vereistes van Sy wet te gehoorsaam. Hulle openbaar soveel versekering asof, inderdaad, hulle 'n verbond met die dood en 'n ooreenkoms met die hel gesluit het - asof hulle 'n ongevoelige, ondeurdringbare versperring tussen hulself en die wraak van God opgerig het. Niks kan by hulle vrees wakker maak nie. So volledig het hulle aan die versoeker toegegee, so heg is hulle met hom verenig en so deur en deur is hulle met sy gees deurdronge dat hulle geen mag en geen begeerte het om van sy valstrik weg te breek nie.

DIE FINALE MISLEIDING

Satan het lank reeds vir die finale poging om die aarde te mislei voorberei. Die fondament van sy werk was by die versekering aan Eva in Eden gelê, nl. **Julle sal beslis nie sterf nie.** - Gen. 3:4. Stap vir stap het hy die weg vir sy meesterstuk van misleiding in die ontwikkeling van spiritisme voorberei. Hy het nog nie die voltooiing van sy planne bereik nie, maar dit sal in die laaste oorblyfsel van tyd bereik word. Die profeet sê: *Toe sien ek uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die vals profeet drie onrein geeste kom wat soos paddas lyk. Hierdie geeste, wat wondertekens doen, is bose geeste. Hulle gaan na die konings van die hele wêreld toe om hulle byeen te bring vir die oorlog op die groot dag van God, die Almagtige.* - Openb. 16:13,14. Behalwe hulle wat deur die krag van God bewaar word, deur geloof in Sy Woord, sal die hele wêreld in die geleedere van hierdie misleiding gesleep word. Die mense word in 'n noodlottige sekuriteit gesus, slegs om deur die uitstorting van die wraak van God wakker gemaak te word.

Diegene wat onwillig is om die duidelike, indringende waarhede van die Bybel te aanvaar soek voortdurend na aangename fabels wat hulle gewete sal sus. Hoe minder geestelik, selfverloënd en vernederend die aangebode leerstellings is, hoe groter is die guns waarmee hulle ontvang word. Te wys in hulle eie verwaandheid om die Skrifte met berou van siel en ernstige gebed vir Goddelike leiding te ondersoek, het hulle geen skild teen misleiding nie. Satan is gereed om in die hart se begeertes te voorsien en hy smeer sy misleidings in die plek van waarheid af. Dit was aldus hoe die pousdom sy mag oor die verstand van mense verkry het. Ook omdat dit die waarheid verwerp het, omdat dit 'n kruis betrek. Protestante volg dieselfde paadjie. Almal wat die Woord van God verwaarloos om gemaklik en akkommoderend en polities korrek te wees, sodat hulle nie in meningsverskil met die wêreld is nie, sal alleen gelaat

word om verdoemlike dwaalleer vir godsdiens-waarhede te aanvaar. Elke denkbare vorm van valsheid sal deur hulle, wat moedswillig die waarheid verwerp, aanvaar word. Die apostel Paulus, verwysende na mense wat **nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie**, verklaar: **Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo. En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word.** - 2 Tess. 2:10-12.


1. *What's behind the New World Order*, pp. 65-80.

2. GOD SE SPESIALE DAG

INLEIDING

Nieteenstaande al hulle pogings om Sondag-heiligheid tot stand te bring, erken Roomsgesindes self die goddelike gesag van die Sabbat en die menslike oorsprong van dié instelling, Sondag, wat die Sabbat vervang het. In die sestiende eeu het 'n pouslike raad duidelik verklaar: "Laat alle Christene onthou dat die sewende dag deur God geheilig was en was nie slegs deur die Jode ontvang en nagekom nie, maar deur almal wat beweer het dat hulle God aanbid, alhoewel ons as Christene hulle Sabbat na die Dag van die Here verander het." - Thomas Morer: *Discourse in Six Dialogues on the Name, Notion and Observation of the Lord's Day*, pp. 281-282.

Diegene wat met die Goddelike wet gepeuter het, was nie onkundig omtrent die aard van hulle werk nie. Hulle het hulself met voorbedagte rade bo God gestel. Die Bybel leer dat hierdie tonele herhaal sal word soos Roomsgesindes en Protestante vir die verheerliking van Sondag sal verenig.



Sodat mense voorbereid kan wees om in die oordeel staande te kan bly, beveel die boodskap van Openbaring 14 hulle: **Vrees God en gee aan Hom die eer** Aanbid Hom wat die hemel en die aarde, die see en die waterbronne gemaak het.

Die resultaat van 'n aanvaarding van hierdie boodskappe word in dié woorde gegee: **Hier is hulle wat die geboie van God en die geloof van [en in] Jesus bewaar!** God se wet sal die standaard in die oordeel wees. Die apostel Paulus verklaar: **Almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word** in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel. En hy sê: **Maar dié wat doen wat die wet sê, sal vrygespreek word.** - Romeine 2:12-16. Geloof is noodsaaklik ten einde die wet van God te onderhou, want **sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.** En alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde. - Heb. 11:6; Rom. 14:23.

Een van hierdie gebooie wys direk na God as die Skepper. Die vierde gebod verklaar: **Die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig.** - Eks. 20:10,11. "Die Sabbat is daarom die grondslag van Goddelike aanbidding, want dit leer hierdie groot waarheid op die indrukwekkendste wyse en geen ander instelling doen dit nie. Die ware grondslag vir Goddelike aanbidding, nie net op die sewende dag alleen nie, maar van alle aanbidding is in die onderskeiding tussen die Skepper en Sy skepsels te vinde. Hierdie groot feit kan nooit verouderd raak nie en moet nooit vergeet word nie." - J.N. Andrews, *History of the Sabbath*, Hoofstuk 27. Dit was om hierdie waarheid voortdurend in die mens se verstand na vore te bring dat God die Sabbat in Eden ingestel het.

As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. - Luk. 19:42.

As jy maar geweet het ... God se woorde sny diep in die hart, met die trane van Jesus agter hulle. Hierdie woorde veronderstel verantwoordelikheid vir ons eie foute. God hou ons toerekenbaar vir wat ons weier om te sien of nie in staat is om te sien nie as gevolg van sonde. **Maar nou is dit vir jou oë bedek**, omdat jy nooit jou karakter volkome aan Hom oorgegee het nie. O, die diep, oneindige hartseer oor wat kon gewees het!

2.1 DIE TIEN GEBOOIE - ONVERANDERLIK

En die tempel van God het oopgegaan in die hemel, en sy verbondsark is in sy tempel gesien. - Openb. 11:19. Die verbondsark van God is in die

Allerheiligste plek, naamlik die tweede afdeling van die heiligdom. In die bediening van die aardse heiligdom, **wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien**, was hierdie afdeling slegs op die groot versoendag vir die reiniging van die heiligdom geopen. Die aankondiging dat die tempel van God in die hemel geopen is en dat Sy verbondsark gesien is, wys dus op die opening van die Allerheiligste plek van die hemelse heiligdom in 1844 toe Christus daar ingegaan het om die sluitingswerk van die versoening te doen. Diegene wat deur geloof hulle Hoëpriester gevolg het toe Hy Sy bediening in die Allerheiligste plek begin het, het die verbondsark gesien. Namate hulle die onderwerp van die heiligdom ondersoek het, het hulle die verandering van die Heiland se bediening verstaan en hulle het gesien dat Hy nou voor die ark van God besig is om Sy bloed vir sondaars te pleit.

Die ark in die aardse tabernakel het die twee kliptafels waarop die gebooe van Gods wet geskryf is, bevat. Die ark was slegs 'n bêreplek vir die kliptafels van die wet en die aanwesigheid van die Goddelike gebooe daarin het dit heilig gemaak. Toe die tempel van God in die hemel geopen is, is Sy verbondsark gesien.

Die Allerheiligste plek van die hemelse heiligdom is die bêreplek van die Goddelike wet - die wet deur God self afgekondig te midde van die donders op Sinai en wat Hy met Sy eie vinger op die kliptafels geskryf het.

Die wet van God in die hemelse heiligdom is die groot oorspronklike waarvan die gebooe op die kliptafels 'n getroue afskrif was. Diegene wat dit verstaan het, was dus daartoe gelei om die heilige, onveranderlike aard van die Goddelike wet te verstaan. Soos nooit tevore nie het hulle die krag van die Heiland se woorde verstaan: **Voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan nie.** - Matt. 5:18. Omdat die wet van God 'n openbaring van Sy

wil en 'n afskrif van Sy karakter is, moet dit vir ewig soos 'n getroue getuie in die hemel bly staan. Nie een gebod is afgeskaf nie; nie een jota of titteltjie is verander nie. Die psalmis sê: **Vir ewig, o Here, staan u woord vas in die hemele. Al sy bevele is betroubaar. Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig.** - Ps. 119:89; 111:7,8.

In die hart van die Dekaloog is die vierde gebod soos dit oorspronklik afgekondig is: **Gedenk die sabbatdag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig.** - Exod. 20:8-11.

Die verpligting om God te aanbid berus op die feit dat Hy die Skepper is en dat alle dinge hulle bestaan aan Hom te danke het. Orals in die Bybel is Sy aanspraak op eer en aanbidding bokant die gode van die heidene, gebaseer op die feit dat Hy die Skepper is. **Want al die gode van die volke is afgode, maar die Here het die hemele gemaak.** - Ps. 96:5. **By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige. Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge gescape? Want so sê die Here, wat die hemele gescape het - Hy is God! -wat die aarde geformeer en dit gemaak het. . . . Ek is die Here, en daar is geen ander nie.** - Jes. 40:25,26; 45:18 Die psalmis sê: **Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak, en ons is Syne. Kom, laat ons aanbid en neerbuk, laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het.** - Ps. 100:3; 95:6. En die heilige wesens wat die Here in die hemel aanbid, verklaar dat hulle dit om die volgende rede doen: **U is waardig, o Here,**

om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape. - Openb. 4:11.

In Openbaring 14 word die mense opgeroep om die Skepper te aanbid en die profesie wys op 'n groep wat as gevolg van die drievoudige boodskap die gebooië van God onderhou. Een van hierdie gebooië wys regstreeks op God as die Skepper. Die vierde gebod verklaar: **Die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God. . . .Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig.** - Exod. 20:10,11. Verder sê die Here aangaande Sy Sabbat: **Hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is.** - Eseg. 20:20. En die rede hiervoor is: **Want in ses dae het die Here die hemele en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.** - Exod. 31:17.

"Die belangrikheid van die Sabbat as 'n gedenkteken van die skepping is daarin geleë dat dit ons steeds herinner aan die ware rede waarom God aanbid moet word - naamlik omdat Hy die Skepper en ons Sy skepsels is. Die Sabbat lê dus ten grondslag van die aanbidding van God; want dit leer ons hierdie groot waarheid op die mees indrukwekkende wyse en geen ander instelling doen dit nie. Die ware grondslag van aanbidding, nie alleen op die sewende dag nie, maar alle aanbidding, vind ons in die verskil tussen die Skepper en Sy skepsels. Hierdie groot feit kan nooit tot niet raak nie en moet nooit vergeet word nie." - J. N. Andrews, *History of the Sabbath*, Hoofstuk 27. Dit was om hierdie waarheid voor die mens te hou dat God die Sabbat in Eden ingestel het; en solank as die feit bly staan dat Hy ons Skepper is en dat dit die rede is waarom ons Hom moet aanbid, so lank sal die Sabbat as die teken en gedenkteken daarvan bly staan. As daar 'n algemene onderhouding van die Sabbat was, sou die gedagtes en liefde van die mens gerig gewees het op die Skepper as die voorwerp van eer en

aanbidding en daar sou nooit afgodediënaars, godloënaars en ongelowiges gewees het nie. Die onderhouding van die Sabbat is 'n teken van lojaliteit aan die ware God, naamlik aan **Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het**. Dit is vanselfsprekend dat die boodskap, wat die mense toeroep om God te aanbid en Sy geboorte te onderhou, 'n spesiale beroep op hulle doen om die vierde gebod te onderhou.

2.1 E. White: *The Great Controversy*, pp. 433-438.

2.2 HOE DIE SABBAT VERANDER IS

Een van die Russiese tsaars het, terwyl hy in sy park geloop het, by 'n wag wat oor 'n lappie onkruid waggehou het, gekom. "Wat maak jy hier?" het hy gevra. Die wag het geantwoord: "Ek weet nie. Al wat ek weet, is dat die kaptein my beveel het om oor hierdie plek wag te hou." Die tsaar het die kaptein laat roep. "Kaptein! - wat bewaak hierdie man?" Die kaptein het geantwoord: "Al wat ek weet, is dat die regulasies sê 'n wag moet hier gestasioneer wees."

Die tsaar het toe 'n ondersoek gelas, maar niemand in die Russiese regering kon sê hoekom daardie plek bewaking nodig het nie. Toe het hulle die koninklike argiewe, wat historiese rekords oor baie eeue bevat, geopen.

Die argiewe het getoon dat 'n honderd jaar tevore, in die laat agtiende eeu, Katharina die Grote 'n roosboom op daardie plek geplant het en beveel het dat 'n wag daar geplaas moet word om te verhoed dat mense dit vertrap. Uiteindelik het die roosboom gevrek, maar niemand het daaraan gedink om die bevel te herroep nie.

En vir 'n honderd jaar het mense waggestaan en sorgvuldig iets beskerm wat nie beskerming nodig het nie. En hulle het nie geweet hoekom nie. Jaar na jaar het hulle iets bewaak wat nie daar was nie.

Ons moet die argiewe van God se Woord open, sodat ons vandag God se wil verstaan. Daar is 'n paar verborgenhede wat opgelos moet word.

MENSE WOU GRAAG VERANDERINGE MAAK

Miljoene mense onderhou Sondag - die eerste dag van die week - eerbiedig en nogtans het ons gevind dat daar nie die geringste aanduiding in die Bybel is dat nòg God nòg enige Bybel-skrywer dit ooit oorweeg het dat dit die geringste heiligheid het nie. Hoe het Sondag hierdie merkwaardige eer gekry?

'n Ondersoek van die geskiedenisboeke openbaar dat die verandering begin het met die aandrang van half-bekeerde Christene wat die kerk wou "moderniseer" en geëindig het met kerkrade wat die eerste dag van die week verhef het - vergesel deur intense vervolging van diegene wat vasbeslote was om die ware Sabbat te onderhou.

Dit is uit die Bybel duidelik dat as God so 'n verandering wou maak, sou Hy dit verseker in die Skrif vermeld het.

Want die Here Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. - Amos 3:7.

Die verandering van die Sabbat van die sewende na die eerste dag van die week was nie op enige Goddelike gesag gemaak nie. **God verander nie Sy morele voorskrifte nie.**

Ek het ingesien dat alles wat God doen, vir ewig sal bestaan; daar kan niks bygevoeg en daar kan niks van weggeneem word nie; en God het dit so gemaak dat hulle moet vrees voor sy aangesig. - Prediker 3:14.

Ek sal my verbond nie onheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie. - Psalm 89:35.

Jesus het gesê: Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val. - Lukas 16:17.

Maar terwyl die Bybel geen verslag gee dat God die dag verander het nie, vertel historici hoe dit na die laaste boek in die Bybel voltooi is, gebeur het.

Tragies, sonder enige Bybelse gesag vir hulle handeling, het mense dit gewaag om aan die wet van God te peuter deur die Bybelse Sabbat, die sewende dag, met Sondag, die eerste dag van die week, te vervang.

In die vroeë eeue na die Bybel voltooi was, het belydende Christene na vore gekom wat Bybelse beginsels met heidense tradisies wou vermeng. Geleidelik het dit vermeerder, vernaamlik van omtrent 175 tot 300 n.C.

Baie van hierdie bekeerde heidene het in of naby Alexandrië in Egipte gewoon. Sommige van hulle het 'n Christen-kweekskool begin waar hulle pastore opgelei het. Maar dit het slegs daartoe bygedra dat die dwaalleer veel wyer na Christen-kerke in ander groot stede versprei het.

HIERDIE AFVALLIGHEID WAS VOORSPEL

Hierdie groot afvalligheid wat geleidelik vermeerder het, nadat die Bybel voltooi was, word in verskeie Bybel-gedeeltes voorspel:

Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne

opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. Daarom moet julle waak. - Handeling 20:29-31.

Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. - 2 Timotheüs 4:3-4.

Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. - 2 Thessalonicense 2:3-4.

In die profesie van Daniël 7 het God voorspel dat hierdie afvalligheid sou gebeur. Onder die simbool van "n horinkie", sou 'n mag later in die wêreld verrys wat homself teen die God van die hemel sou verhoog en sou daarna streef om beide God se waarheid en Sy volk te verwoes.

Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op..... in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek. - Daniël 7:8.

Daniël was in besonder besorg omtrent hierdie vreemde horinkie-mag.

Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het, en oor die tien horings wat op sy kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het wat groot dinge gespreek het, terwyl sy gestalte groter was as van die ander. Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en

hulle oorwin, totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het. - Daniël 7:19-22.

En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd. Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontnem om dit vir goed te verdelg en te vernietig. - Daniël 7: 25-26.

Hy sal probeer om tye en wet te verander. Dit sou, natuurlik, God se morele wet en God se spesiale tyd - die Bybelse Sabbat - wees. Die horinkie se woorde is teen die "Allerhoogste" gemik en sy pogings is om die mag en outoriteit van die groot Wetgewer te verwoes. Hy het besef dat dit die beste gedoen kan word deur God se wet te verander en die Sabbat, wat die teken van die Skepper se mag is, te verander.

Omdat die Sabbat die seël is van die lewende God, word die groot, morele kode van die Tien Gebooie, as behorende aan God, daardeur gekenmerk. Dit toon dat Hy die Outeur, sowel as die Skepper van hemel en aarde is. Satan het geweet dat die beste manier om ontslae te raak van die mens se erkenning van die Skepper se gesag was om met die Sabbat weg te doen.

HERVORMING VAN DIE KERK

Christus is in 31 n.C. gekruisig. Die meeste van Sy dissipels en apostels was teen 65 n.C. dood. Johannes, die laaste van die apostels, is net voor 100 n.C., na die voltooiing van Openbaring, die laaste boek van die Bybel, dood.

In die eerste eeue daarna het die agteruitgang van geestelikheid gelei tot die aanneming van baie heidense rites en seremonies deur die Christene

"wat graag modern wou voorkom". Die "geheime krag van die wetteloosheid" het sy werk in die kerk begin.

"Teen die laaste gedeelte van die tweede eeu het baie kerke 'n nuwe vorm aangeneem; die vroeë eenvoud het verdwyn en ongemerk, soos die ou dissipels graf toe is, het hulle kinders na vore gekom en die saak nuut hervorm." - *Ecclesiastical Researches*, p. 51.

Tragies soos dit is, sal ons uitvind dat moderniste in die kerk besluit het om die gedenkwaardige dag van die ware God, ons Skepper, met die gedenkwaardige dag van die songod te vervang.

Ten einde jou te voorsien van 'n akkurate verstaan van hoe hierdie groot afvalligheid begin het, sal 'n aantal verklarings deur gerespekteerde historici angehaal word.

Ons wil uitvind hoe die voorspelde horinkie-mag van Daniël 7 "sal probeer" om die wet van God en die Bybelse Sabbat te verander.

"Dit moet bely word dat daar geen wet in die Nuwe Testament rakende die eerste dag is nie." - McClintock and Strong, *Cyclopedia of Biblical, Theological and Ecclesiastical Literature*, vol. 9, p. 196.

"Tot diep in die tweede eeu ('n honderd jaar na Christus) vind ons nie die geringste aanduiding in ons bronne dat Christene deur enige soort van onthouding van werk Sondag erken het nie." - W. Rordorf, *Sunday*, p. 157.

"Rites en seremonies waarvan nóg Paulus nóg Petrus ooit gehoor het, het stilletjies in gebruik gesluip en het dan die rang van goddelike instellings opgeëis. [Kerk] amptenare vir wie die oorspronklike dissipels geen plek sou kon vind nie en titels wat vir hulle heeltemal onbegryplik sou wees, het begin om aandag te trek en om apostolies genoem te word." - William D. Killen, *The Ancient Church*, p. 16.

DIE VERLEIDELIKHEID VAN SONAANBIDDING

In die eerste eeue na Christus was daar 'n stryd tussen die jong kerk en die heidendom. Die aanbidding van die songod was 'n spesiale probleem. Satan het dit gebruik om baie Bybelse praktyke te vervals.

Die eerste dag van die week was deur sonaanbidders vir eeue geëer. Hulle het hierdie dag, "Son dag, die eerbiedwaardige dag van die songod" genoem. Dit was op hierdie dag dat hulle hul wildste en mees immorele seremonies ter ere van hulle god uitgevoer het.

Maar die hele tyd het die aanbidders van die Skepper God aan die Bybel vasgehou en die Bybelse Sabbat onderhou.

Daar was pogings om sonaanbidding in die kerk in die Ou Testament in te bring.

"Sonaanbidding was die vroegste afgodery." - Fausset, *Bible Dictionary*, p.666.

Satan het selfs probeer om sonaanbidding in antieke Israel in te bring (Levitikus 26:30; Jesaja 17:8). Koning Manasse het direkte sonaanbidding beoefen (2 Konings 21:3,5). Josia het die waens en perde wat aan die son en sy aanbidding toegewy was, verwoes (2 Konings 23:5; 11-12). Son-altare en wierook is op die dakke vir die son gebrand (Sefanja 1:5) en Esegïel het die "grootste gruwels" aanskou: direkte sonaanbidding by die ingang van die Tempel van die ware God. Dit was gedoen met hulle gesigte na die ooste, terwyl hulle die opkomende son aanbid (Esegïel 8:16-17).

DIE BEGIN VAN SONDAGHEILIGHEID IN DIE CHRISTELIKE KERK

Teen die jaar 200 n.C. het heidense kompromieë en praktyke begin om in sommige van die Christen-kerke op 'n bepaalde wyse in te kom.

Sonaanbidding het eerste in Alexandrië, Egipte, wat 'n leidende sentrum van die wêreld se "hoër onderwys" was, begin. Die grootste, heidense universiteit was daar gehuisves. Christene het van hulle beginsels opgeoffer en 'n Christen-kweekskool gestig om pastore op te lei. Die biskop van die Kerk van Rome (later die "pous" genoem) het gretiglik die heidense praktyke aangeneem wat deur die Christene te Alexandrië aangeneem was. Hy was vinnig om die wêreldse voordeel van die kompromie met die heidendom in te sien. Deur die inbring van heidense gewoontes kon hy meer mense kry wat kerk bywoon en so kon die kerk ryker en groter word.

Teen ongeveer 196 n.C. het Victor, biskop van die Roomse kerk, 'n brief aan alle Christen-kerke in die ryk gestuur, wat vereis het dat hulle die opstanding van Christus op 'n sekere Sondag elke lente vier.

Hierdie was die eerste poging deur die biskop van die Kerk van Rome (wat later die pousdom geword het) wat van Christene vereis het om Sondag vir sommige spesiale doeleindes te onderhou. Dit kenmerk ook die eerste keer dat die biskop van Rome probeer het om gesag oor die ander kerke te verkry. (dr. Bower, in sy *History of the Popes* vol.1, p. 18 het gesê dit was "die eerste poging van pouslike toeëiening".)

Uiteindelik het die naam Paasfees die naam van hierdie feesviering geword, wat 'n nabootsing van die heidense, lente feesviering van die geboorte van Isis, 'n heidense godin, was.

"KERKGROEI" DEUR KOMPROMIE

Die kerkleiers in Alexandrië en Rome het besef dat, deur heidense gewoontes aan te neem, heidene in die kerk sou tuis voel. Hulle het besluit dat deur oor te skakel van die hou van kerkdienste op die Bybelse Sabbat na die heidense dag van aanbidding, die dag van die son, die heidene meer

geredelik kerk toe sou kom. Hulle het goed daarin geslaag, want daardie gekompromitteerde kerke in die stede het ryker en groter geword.

"Die [Katolieke] kerk het van Sondag 'n heilige dag gemaak ... hoofsaaklik omdat dit die weeklikse feesdag van die son was. Dit was 'n besliste poging om die heidense feestyte, geliefd by die mense deur tradisie, oor te neem en hulle 'n Christelike betekenis te gee." - Authur Weigall, *The Paganism in Our Christianity*, 1928, p. 145.

Maar hierdie oorgang was geleidelik, omdat die oorgrote meerderheid van die plaaslike kerke geweier het om te moderniseer en op Sondag te aanbid. Beseffende dat kompromie met die heidendom 'n gevaarlike bedreiging was, het daardie Christene, wat aan God getrou was, geglo dat hulle slegs wat die Bybel sê, moes gehoorsaam.

"Die feesdag van Sondag, soos alle ander feesdae, was altyd slegs 'n menslike instelling. Dit was ver van die bedoelings van die apostels om 'n Goddelike opdrag in hierdie verband vas te stel, ver van hulle en van die vroeë apostoliese kerk en om die wette van die Sabbat na Sondag oor te dra." - Augustus Neander, *The History of the Christian Religion and Church*, 1843, p. 186.

Ongelukkig, teen 250 n.C., het heidense gewoontes meer algemeen in 'n aantal Christen-kerke geword.

Teen die derde eeu het Mitraïsme die primêre godsdiens van die heidene in die Romeinse Ryk geword.

KOMS VAN KONSTANTYN

'n Baie belangrike reeks gebeure het plaasgevind toe Konstantyn I keiser geword het.

Terwyl sommige van die keisers voor hom die Christene vervolg het, het Konstantyn slim besef dat wanhopige maatreëls nodig was ten einde die ryk teen die toenemende invalle van heidense stamme vanuit die noorde te versterk. Hy het besluit om die leidende godsdienste van die ryk in een te verenig wat grootliks die nasie sou versterk.

DIE SONDAGSWETTE

Konstantyn se grootste "bydraes" tot die Christendom was sy Sondagswette, wat die Roomse biskop in 'n posisie van leierskap oor die ander Christelike kerke geplaas het.

Onbetwisbaar, die eerste wet, geestelik (kerklik) of siviël, waardeur die Sabbatonderhouding van daardie tyd beveel is, is die edik [besluit] van Konstantyn, 321 n.C. - *Chamber's Encyclopedia*, article, "Sabbath".

Pous Sylvester (314 - 337 n.C.) en sy raadgewer, Eusebius, het besef dat die sleutel vir kontrole deur die Roomse herder oor al die ander kerke van die ryk van die vereiste van Sondagaanbidding afgehang het. Dit sou die heidense dwaalleer bevestig, iets wat die Roomse kerk orals vir dekades probeer bewerkstellig het.

Dit was deur hulle direkte versoek dat Konstantyn sy Sondagswette uitgevaardig het. Hy was baie gewillig om dit te doen, omdat Konstantyn daarin 'n manier gesien het om die ryk onder 'n enkele godsdiens te verenig. Hy het geglo dat godsdienseenheid die ryk sou help om die toenemende aanvalle van die barbaarse hordes uit die noorde te weerstaan. Die bewoording van die wet was versigtig gekies, sodat beide Mitraïste en Christene dit kon aanvaar en bymekaarkom.

Sylvester "het bepaal dat die rus van die Sabbat [Saterdag] eerder na die dag van die Here [Sondag] oorgedra word, sodat ons op daardie dag

behoort te rus van wêreldse werk." - Rabanus Maurus, *Concerning the Instruction of the Clergymen*, Book 2, Chap. 46.

Hier is die eerste Sondagswet in die geskiedenis, 'n wetlike verordening deur Konstantyn I (geregeer 306 - 337n.C.):

"Op die Eerbiedwaardige Dag van die Son - [die heilige dag van die son] laat die landdroste en die stedelinge rus en laat alle werkswinkels gesluit wees. Op die platteland, egter, mag persone wat in die landbou betrokke is, vryelik en wettiglik met besigheid voortgaan, omdat dit dikwels gebeur dat 'n ander dag nie vir graanverbouing of vir wingerdplant so geskik mag wees nie; aangesien die nalating van die geskikte tyd vir sulke geleenthede die milddadigheid van die hemel verlore mag wees - gegee die 7de dag van Maart [321 n.C.]. Crispus en Konstantyn wat albei konsuls vir die tweede keer is". - Phillip Schaff: *History of the Christian Church*, vol. 3, p. 380.

Hierdie eerste van Konstantyn se ses Sondagswette is uiters belangrik in kerkgeskiedenis!

"Hierdie [Konstantyn se Sondagdecreet van Maart 321 n.C.] is die primêre Sondagswet wat dit 'n dag van rus en vrystel van werk gemaak het. Want van daardie tyd af tot die huidige was dit daardie dekrete omtrent die onderhouding van Sondag wat die Europese en Amerikaanse samelewings deeglik beïnvloed het. Toe die kerk 'n deel van die staat onder die Christen-keisers geword het, was Sondag-onderhouding deur siviele wette afgedwing en later toe die ryk iets van die verlede was, het die kerk, in die hande van die pousdom, dit deur kerklike en ook deur siviele verordeninge afgedwing." - Walter W. Hyde, *Paganism to Christianity in the Roman Empire*, 1946, p. 261.

"Die onderhouding van die Sondagrus het voortgespruit uit die gewoonte van die mense en die konstitusie van die [Katolieke] kerk Tertullianus

was waarskynlik die eerste wat na die staking van besigheid op die Sondag verwys het; die **Konsilie van Laodicea het die eerste, versoenende wetgewing vir daardie dag uitgereik**; Konstantyn I het die eerste siviele wetgewing uitgereik." - Priester Vincent J. Kelly, *Forbidden Sunday and Feast-Day Occupations*, p. 203.

Hier is 'n verklaring van 'n Katolieke kategismus:

Vraag: Watter dag is die Sabbatdag?

Antwoord: Saterdag is die Sabbatdag.

Vraag: Hoekom onderhou ons Sondag in plaas van Saterdag?

Antwoord: **Ons onderhou Sondag in plaas van Saterdag, omdat die Katolieke kerk in die Raad van Laodicea (337 n.C.) die plegtigheid van Saterdag na Sondag oorgedra het.**" - *Convert's Catechism of Catholic Doctrine*, p. 50.

Historici stem saam: **"Is dit nie vreemd dat Sondag bykans universeel onderhou word, terwyl die heilige Skrifte dit nie onderskryf nie?** Satan, die groot vervalser, het deur die geheime krag van die wettelose heidene gewerk om 'n vervalste Sabbat in te voer om die plek van die ware Sabbat in te neem. Sondag staan sy aan sy met Es Sondag, Palm Sondag, Heilige Donderdag, Goeie Vrydag, Paas Sondag, Pinkster Sondag, Kersfeesdag en 'n klomp ander kerklike feesdae te veel om te noem. **Hierdie reeks van Rooms-Katolieke feeste en vasdae is alles mensgemaak.** Geeneen dra die Goddelike geloofsbriewe van die Outeur van die geïnspireerde Woord nie." -M.E. Walsh.

POUSLIKE MAG WORD STEEDS STERKER

Eusebius van Caesarea was pous Sylvester se raadgewer en 'n godsdienstige adviseur van Konstantyn. In hierdie verklaring erken hy dat die verandering van Sabbat na Sondag met die kerk in Rome ontstaan het.

"Alle dinge wat ook al vir die Bybelse Sabbat voorgeskryf was, het ons na die Here se dag oorgedra, as synde gesaghebbender en agtingswaardiger en eerste in rangorde en eerbiedwaardiger as die Joodse Sabbat." - Bishop Eusebius, aangehaal in J.P. Migne, *Patrologie*, pp.1169-1172.

Geen effektiewer ramp kon God se mag en gesag getref het as om die Sabbat-seël van die Dekaloog (Tien Gebooie) af te skeur en in sy plek 'n mensgemaakte plaasvervanger, wat geen Bybelse basis vir heiligheid het, te plaas nie.

VERVOLGING VAN SABBATHOUERS VERSKERP

Geleidelik, met verloop van tyd, was addisionele dekrete uitgevaardig wat op Sondag gedoen kon word. Rus en godsdienstige byeenkomste op die Bybelse Sabbat was verbied.

Elke wet het strenger geword; elke straf swaarder. Satan was en is steeds vasbeslote om die Sabbat te verwoes, omdat dit 'n deel van God se wil vir die mensdom is.

In elke geval vind ons dat menslike wette die dag wat God uitdruklik beveel het, onderdruk het. In die plek daarvan was 'n dag verhef waarvoor God geen voorsiening gemaak het nie, naamlik die dag van die son.

Verseker, hier het ons 'n identifiserende kenmerk, 'n bewys van die vasbeslotenheid van mense om die wil van die God van die hemel uit te tart en om hulle eie tradisies in die plek van die dinge wat God beveel het, daar te stel. "Dit is die merk van 'n man."

Vir ons vandag is daar slegs een hulp: Ons moet besluit dat ons die Bybel sal bestudeer en, deur die genade van God, sal gehoorsaam.

Mense was in die verlede gewillig om te sterf vir wat die Bybel sê. Is ek en jy vandag gewillig om dieselfde te doen?

Om beter te leef is om Bybels te leef. Neem standpunt in vir God se heilige Sabbat, moenie weifel nie en andere mag jou voorbeeld navolg.

DIE MERK VAN KATOLIEKE GESAG

As gevolg van die besluit wat by die Konsilie van Trent (1645-1563) geneem was, is Katolieke skrywers heel trots op die feit dat hulle die Sabbat na Sondag verander het en verklaar manmoedig dat dit die MERK van hulle gesag is.

"Natuurlik, die Katolieke kerk maak daarop aanspraak dat die verandering haar daad was; dit kon nie anders wees nie, omdat niemand in daardie dae sou kon droom om enigiets in geestelike en kerklike en godsdienstige sake sonder haar te doen nie. **En die daad is 'n MERK van haar kerklike mag en gesag in godsdienstige sake.**" - Kardinaal Gibbons, 'n brief gedateer 7 Julie 1895.

"Sommige nie-Katolieke het beswaar teen die vaevuur, omdat geen spesifieke vermelding daarvan in die Skrifte is nie. Daar is ook geen spesifieke vermelding van die woord Sondag in die Skrifte nie. Die Sabbat word vermeld, maar Sabbat is Saterdag. Nogtans, die Christene van bykans alle denominasies aanbid op Sondag, nie op Saterdag nie. Die Jode onderhou Saterdag. Nêrens in die Bybel word verklaar dat aanbidding van Saterdag na Sondag verander moet word nie." -Martin J. Scott: *Things Catholics Are Asked About*, 1927, p. 336.

"In al hulle amptelike handleidings maak Protestante aanspraak dat hulle godsdien op die Bybel en die Bybel alleen gebaseer is en hulle verwerp Tradisie as selfs 'n deel van hulle geloofsreglemente.....

Daar is geen plek in die Nuwe Testament waar dit uitdruklik verklaar word dat Christus die dag van aanbidding van Saterdag na Sondag verander het nie. Nogtans, alle Protestante, behalwe Sewendedagadventiste, onderhou die Sondag - Protestante volg Tradisie in die onderhouding van die Sondag." - *Our Sunday Visitor*, Junie 1950.

"Bewys vir my uit die Bybel alleen dat ek gebonde is om Sondag heilig te hou. Daar is geen so 'n gebod in die Bybel nie! Dit is 'n gebod van die heilige Katolieke kerk alleen. Die Bybel sê: Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Die Katolieke kerk sê: NEE. Deur my goddelike mag **Skaf Ek Die Sabbatdag Af** en beveel jou om die eerste dag van die week heilig te hou. En siedaar! Die hele beskaafde wêreld buig neer in eerbiedige gehoorsaamheid aan die gebod van die heilige Katolieke kerk." - Priester Thomas Enright: *The American Sentinel R.C. Journal*, Junie 1893, p173.

ONS MOET AAN GOD GETROU BLY

Dit is dringend dat ek en jy aan die Skepper God, wat ons die Bybelse Sabbat gegee het, getrou bly. Deur die genade van Christus moet ons Sy heilige Tien Gebooie wet onderhou.

God skrywe alles in Sy boek. Hy weet alles van die besluite van mense. Luister na hierdie Skrifwoorde: **Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van my af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.** - Mattheüs 15:8-9.

Sy priesters verkrag my wet en onheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle onheilig. - Esegïel 22:26,

In die eerste aantal eeue het die volk van God geweet dat die Bybelse Sabbat 'n gedenkteken van die Skepping was, terwyl die Sondag 'n gedenkteken aan die songod was. Die een was die Skeppingsabbat, en die ander een was die afgodsabbat. Die toestand het vandag nie verander nie.

MY TOEWYDING

My kosbare, hemelse Vader, hoe baie het ek U elke dag nodig! As mense in vervloë eeue so ver van U kon afdwaal, hoe dringend is dit dat ek elke dag naby aan U sy bly! Hoe moes dit U groot hart van liefde seergemaak het toe daardie mense probeer het om van U Sabbat ontslae te raak! Asseblief, Vader, help my om getrou aan U tot die einde te bly. In Jesus se naam. Amen.

2.2 Vance Ferrell: *The Bible Guide. A Fascinating Journey through Bible Truth*, pp. 466-503.

3. DIE CHRISTEN-SABBAT

Net soos die lugaanvalbomskuilings skuiling bied teen die gevare van oorlog, so voorsien die Sabbat 'n skuilplek teen die druk van die week. Die Sabbat bied beskerming midde-in die kosmiese stryd.

Christus het Sy bediening op 'n Sabbat begin (Luk. 4:16), Sy sending aangekondig om die gevangenes vry te stel en om die aangename jaar van die Here aan te kondig (verse 18,19). Die meeste kommentators verwys na dié jaar as die Jubileum - of Sabbat-jaar. Jesus het Lukas 4:21 aangehaal en gesê: **Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.**

Elke week kom die Sabbat om verligting te bring van die werkslaste. Dit stel werkers vir 'n dag vry. Sodoende gee die Sabbat insig in Christus se sending om hulle wat met sonde belas is, vry te stel.

SABBAT AS KERN VAN DIE EVANGELIE

In Sy aankondiging het Christus Sy sending met die kern van die Sabbat geïdentifiseer. Hy het gekom om rus vir sonde-siek en uitgeputte mense te bring. Jesus het gekom om hulle in Homself vry te stel en sou deur wonderwerke die totale vryheid wat Hy kan bied, demonstreer. In der waarheid, Hy het dikwels die Sabbat gekies om genesings uit te voer (Matt. 12:9-21; Luk. 4:31-40; 13:10-17; Joh. 5:1-18; 9:1-41), sodat die fisiese vrystelling enigsins insig kon gee in die geestelike verlossing wat Hy kom voorsien het. Christus het sowel die Sabbat as verlossing aan die mensdom gebied en die gawe van verlossing deur die Sabbat-wonderwerke geïllustreer.

Die Sabbat-geskenk van vryheid het vir baie in 'n dag van werk in Christus se tyd verval. Was nie langer 'n uitnodiging om die belastes vry te stel nie. Dit het op sigself 'n instrument geword om streng perke te stel. In sterk teenstelling het Christus gekom om die gevangenes vry te stel en Hy het gekom om die vergete kern van die Sabbat te demonstreer (Matt. 5:17-19). Soos Sy sending het die Sabbat bevryding as doelwit.

Christus, deeglik bewus van die seremoniële wet, het geweet dat dit 'n tipe van Homself was. Die funksie van die aardse heiligdom het by die kruis tot 'n einde gekom. Die offerandes het in Sy offer opgehou, besnydenis het vir die volwasse doop plek gemaak. Die Jerusalem Raad (Hand. 15:1-29) het bymekaar gekom om die eis te oorweeg dat heidene ooreenkomstig die wet van Moses besny moet word (vers 5). Petrus het aan die raad gerapporteer dat die heidene die Heilige Gees sonder die besnydenis ontvang het (verse 5-11). Paulus en Barnabas het vertel van die

wonderbaarlike tekens en wonderwerke wat God onder die heidene gedoen het (vers 12). Maar nêrens lees ons dat Christen-gelowiges die Sabbat met Sondag vervang het nie.

TIPES KRY VERVULLING IN CHRISTUS

Tipes het hulle vervulling waarna hulle verwys het in Christus gekry en in Wie hulle hul betekenis gevind het. En dit het seremoniële sabbatte, sabbatte met feeste verbind, soos die ongesuurde brood (Lev. 23:6-8), die Fees van Weke (verse 15,16,21), die Fees van Trompette (verse 24,25), die Dag van Versoening (verse 26-28), en Huttefees (verse 33-36). Hierdie seremoniële sabbatte het hulle voorspellende betekenis saam met die seremoniële feeste waarvan hulle deel was, verloor.

Die staking van hierdie seremoniële sabbatte vorm die inhoud van Paulus se verklaring in Kolossense 2:16,17: **Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaan fees of die sabbatdag moet vier nie. Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.** Dit is duidelik dat Paulus nie van die morele wet of die Tien Geboie gepraat het nie.

SABBAT MEER AS 'N TIPE

Die sewendedag Sabbat moet meer as 'n tipe wees. Die feit dat Christus die Sabbat in 'n veel groter konteks gesien het, blyk toe Hy gesê het: **Die Seun van die mens is immers Here oor die Sabbat.** (Matt. 12:8; Mark. 2:28; Luk. 6:5). Christus het ook gesê: **Die Sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbatdag nie.** - Mark. 2:27.

Christus het dit nie gestel dat God die Sabbat vir die Joodse volk ingestel het nie, maar vir die mensdom. Dit is duidelik dat Christus die nasionale begrensing wat op die Sabbat deur mense geplaas was, verwerp het en dit

vierkantig in sy globale konteks geplaas het. Dit is gelykstaande aan om die Sabbat 'n Skeppingsinstelling te verklaar. Die Sabbat soos deur Christus ingestel, strek verby nasionale en soortgelyke grense en is onveranderlik in sy breedste konteks en nie kultuur, geslag of generasie gebonde nie.

Soos Gerhard Hasel dit uitgedruk het: "Die Seun van die Mens as Here het die ware betekenis van die Sabbat vasgestel. Die Sabbat-aktiwiteite van Jesus is nóg nadelige uittarting, nóg blote proteste teen die rabyne, wettiese beperkinge. Dit is die koninkryk van God waarin die mens die oorspronklike betekenis van die Sabbat as die herhalende weeklikse 'dag van die Here' waarin God Sy helende en verlossende heerskappy oor die mens openbaar, geleer word."

SABBAT BLY VIR CHRISTENE

Die sekondêre betekenis van Hebreërs 4 verklaar dat daar steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God oorbly (Heb. 4:9,10). Hebreërs was heel waarskynlik in 70 n.C. geskryf, ongeveer 40 jaar na Christus se kruisiging en opstanding (wat deur baie beskou word as rede waarom die Sabbat na die eerste dag van die week verander is). Hebreërs 4 ontken die moontlikheid van òf 'n rede vir die Sabbat se oor maak òf die verandering daarvan. Dié hoofstuk stem saam met Christus se skakeling van die Sabbat met die totale menseras, sonder uitsondering relatief [wat betrekking het op iets wat voorafgegaan het] tot die Ou- en Nuwe Testamentiese tydperke.

Die Christen-Sabbat is die dag wat die Here met die skepping van die wêreld heilig gemaak het. Christus het ons planeet en Adam en Eva geskape. Hy het op die sewende dag gerus, dit apart gehou as heilig. Jesus het dit onderhou, terwyl hy op aarde as die God-mens geleef het.

Hy het nie die Sabbat onderhou omdat Hy 'n Jood was nie, selfs as ons dit van Sy besnydenis en Paasfees-nakoming kan sê.

Hy het eerder die Sabbat onderhou soos Hy met die Tien Gebooie gedoen het en 'n voorbeeld gestel vir alle mense en nie net vir die Jode nie. Dit is dieselfde Sabbat wat Christus onderhou het wat alle verlostes vir ewig op die nuwe aarde sal waarneem (Jes. 66:22,23). Die Jerusalem Konferensie (Hand. 15:1-29) het niks gesê van die oordrag van die Sabbat van Saterdag na Sondag nie.

DIE EINDTYD SABBATTOETS

In hierdie afdeling sal ons sien dat die Sabbat eintlik die kern van die evangelie in die laaste dae is. Daar is geen evangelie sonder die Sabbat nie en geen Sabbat sonder die evangelie nie. Die Skrif kombineer die twee sonder enige verwarring, besonderlik in eindtyd gebeure. 'n Aanval op die een is 'n aanval op albei. Die hartseer feit is dat skeiding van Christus van Sy Sabbat lei onverbidlik tot vervreemding van Hom en verwerping van Christus lei tot die ontkenning van Sy Sabbat.

"Satan het nog altyd daarop aanspraak gemaak om 'n meer verheerlikte bestaan te bied aan hulle wat hulself van Christus sou losmaak. Hy het dit in die hemel en in Eden gedoen en sal dit ook in die eindtyd probeer. Tot aan die einde van die groot stryd in die hemel het die groot indringer voortgegaan om homself te regverdig. Toe daar aangekondig is dat hy met al sy simpatiseerders uit die hemel uitgewerp moes word, het die rebelleier openlik sy minagting van God se wet verklaar. Hy het sy eis herhaal dat engele geen beheer nodig het nie, maar moes toegelaat word om hulle eie wil te volg, wat hulle altyd reg sou lei. Hy het die Goddelike insettinge as 'n beperking op hulle vryheid veroordeel en het verklaar dat dit sy doel was om die afskaffing van die wet te verseker; dat vry van hierdie beperking sou die leërskare van die hemel 'n meer verhewe, 'n

glorieryker toestand van bestaan betree. Eenparig het Satan en sy volgelingen die blaam vir hulle rebellie vierkantig op Christus geplaas." - Ellen White: *The Great Controversy*, p.449.

"In Eden het Satan gesê dat Eva soos God sou wees as sy die vrugte eet (Gen. 3:5). En gedurende die eindtyd, deur spiritisme, sal Satan as 'n weldoener van die mens verskyn, die siekes genees en verklaar dat hy 'n nuwe en meer verhewe stelsel van godsdienstige geloof verteenwoordig; maar terselfdertyd as 'n verwoester werk." - Ellen White: *Patriarchs and Prophets*, p. 56.

Deurgaans in sy stryd met Christus het hy hierdie meer verhewe ervaring gelykgestel met vryheid van God se wet. Soos voorheen genoem, het Satan in die hemel moedig sy minagting van die Skepper se wet erken. Hy het die Goddelike insettinge as 'n beperking van hulle vryheid veroordeel. Nogtans, in die eindtyd sal die Satan kom en sy Sondagswet met 'n doodskreet afdwing (Openb. 13:11-15). Die laaste groot konflik tussen waarheid en dwaling is maar net die finale geveg van die langdurige stryd rakende die wet van God. Ons betree nou hierdie geveg - 'n geveg tussen die wette van mense en die bevel van God, tussen die godsdiens van die Bybel en die godsdiens van fabels en tradisies.

"In die groot tyd van benoudheid sal Satan homself as Christus openbaar en op die aarde heers. Hy wou altyd Christus se posisie oorneem en die aanbidding wat Hom alleen toekom, ontvang. Alhoewel hy oor biljoene mense as hulle redder sal heers, het hy hulle in werklikheid van die ewige lewe beroof. Terwyl hy aan die mensekinders as die groot geneesheer verskyn wat al hulle siektes kan genees, sal hy siektes en rampe bring totdat digbevolkte stede tot puinhope van verlatenheid vernietig is. Satan sal tornado's, haelstorms, vloede en aardbewings in elke plek en in 'n duisend vorms stuur en verklaar dat mense God beledig deur die oortreding van die Sondag-sabbat; dat hierdie sonde rampe bring wat nie

sal ophou voordat Sondagwaarneming streng afgeforseer is nie; en dat hulle wat die eise van die vierde gebod verteenwoordig en sodoende eerbied vir die Sondag vernietig, moeilikheidmakers vir die mense is, wat hulle herstel na Goddelike guns en tydelike voorspoed verhoed." - Ellen White: *The Great Controversy*, p. 589, 590.

Wanneer die engele die winde van stryd in die eindtyd loslaat (Openb. 7:1-3), sal ongeëwenaarde probleme die aarde oorstrom. Die wat die Bybelse Sabbat eerbiedig, sal as vyande van wet en orde veroordeel word, wat die morele beperkings van die gemeenskap afbreek, wat anargie en korrupsie veroorsaak en wat die oordele van God op die aarde veroorsaak.

Die Sabbat-kwessie sal die kernsaak in die groot finale konflik, waaraan die hele wêreld deel sal hê, wees. Die Sabbat-kwessie sal die hele wêreld in beroering bring soos die hele wêreld verwonderd agter die dier aan gaan (Openb. 18:3). "Die plaasvervanging van die wette van mense vir die wet van God, die verheffing, deur blote menslike gesag, van Sondag in die plek van die Bybelse Sabbat, is die slottoneel in die drama. Wanneer die plaasvervanging universeel word, sal God Homself openbaar. Hy sal in Sy majesteit verrys om die aarde geweldig te skud." - Aangehaal uit Ellen White: *Testimonies*, vol. 7, p. 141.

In die komende konflik sal die hele wêreld met vyandigheid teen Sewendedagadventiste in beroering gebring word, omdat hulle nie eerbetoon bewys aan die pousdom deur die Sondag, die instelling van hierdie anti-Christelike mag, te eerbiedig nie. Terwyl die Sabbat die groot strydpunt dwarsdeur die Christendom geword het en godsdienstige en sekulêre owerhede hulle magte gekombineer het om die onderhouding van die Sondag af te forseer, sal die volgehoue weiering van 'n klein minderheid om aan die populêre eis toe te gee hulself voorwerpe van universele vervolging maak.

HOE OM VIR DIE KOMENDE KRISIS VOOR TE BEREI

1. **Om die Sabbatstoets te oorleef moet ons die Sabbatsrus ervaar**

Die Sabbatstoets behels veel meer as 'n wiskundige vraag. Belangriker as die vraag watter dag is die sewende dag, gaan dit oor die kern van die Sabbat self. Die Sabbat leer die onderskeiding tussen die Skepper en Sy skepsels. Dit is presies wat Satan geweier het om te erken sedert hy sy rebellie begin het. In die eindtyd streef Satan daarna om sy Skepper te vervang wanneer hy kom as die verpersoonliking van Christus en Sondag bevorder. Die eindtyd gelowiges hoef nie bekommerd te wees oor die wêreldwye teenkating teen hulle nie, omdat Sabbat-onderhouding meer is as 'n dag - dit is 'n ervaring. Deur Christus se Sabbat te onderhou kan hulle in Hom rus. Hulle ervaar die Sabbat deur in 'n Skepper te rus wat alleenlik hulle deur die krisis kan neem. Hulle almal erken dat hulle niks gedoen het om in die wêreld te kom nie en dat hulle niks kan doen om die reg te verdien om in die volgende een te kom nie. Christus het vir hulle gedoen wat hulle nooit vir hulself kon doen nie - Hy het hulle geskape en verlos. Die Sabbat-onderhouding is rus in Sy dubbel-voltooide werk.

2. **Die Sabbatsrus in Christus ons toevlugsoord**

Dit is hoekom 'n Sabbat op die Vrydag na die Skepping (Gen. 2:2) en die Vrydag na die Kruisiging volg (Luk. 23:54; 24:1). Behoorlik verstaan, was die twee Sabbatte tye om God se voltooide werk te vier. Sy voltooide take, sowel die skepping as die verlossing. Rus in hierdie werke van Christus is die ware kern van die Sabbatsrus. Ons rus in Hom as ons Skepper-Verlosser.

Psalm 91:1-10 praat van hierdie rus: "Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser. Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand - na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien. Want U, Here, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie."

MY TOEWYDING

Asseblief, Vader, gee my die krag om dag na dag nie skaam te wees vir U wonderlike Sabbatsrus nie, maar om hierdie waarheid met ander te deel. Hulle moet dit weet! Niemand weet wanneer hulle mag sterf nie en dan sluit hulle genadedeur. Met die oog op die tye waarin ons leef, is dit nie goed dat ek op my eie die Sabbat gehoorsaam nie. Ek moet hierdie waarheid met ander deel. Help my om dit te doen. Ek vra dit in Jesus se Naam. Amen.

3. Norman Gulley: *Christ is Coming!* pp. 351-357.

4. KOM UIT BABILON

'N DEFINISIE VAN DIE KERK

Die kerk moet die fondament van waarheid wees. Die enigste rede om enige kerk by te woon is nie omdat ons ouers dit bygewoon het nie, nie omdat ons familie dit bywoon nie, nie omdat dit naby die huis is nie, nie omdat ons ons lewe lank lidmate daarvan is nie, nie omdat ons van die mense hou wat daarheen gaan nie, maar eerder, omdat ons met ons hele hart glo dat hierdie kerk getrou aan die leringe van die Skrifte is. As die kerk wat jy bywoon nie die Skrif volg nie, dan wil God hê dat jy dit ernstig moet oorweeg of jy die regte kerk bywoon.

Iemand mag vra: "Gegewe die baie kerke wat ons vandag het, is dit regtig moontlik om te weet dat God 'n ware kerk in hierdie laaste dae het?"

OPENBARING DEFINIEER DIE WARE KERK

Johannes beskryf die identifiserende kenmerke van God se laaste-dae oorblyfsel in Openbaring 12:7. Daar beskryf hy 'n Goddelik-voorspelde volk wat hulle lojaliteit aan God deur gehoorsaamheid demonstreer. Johannes sê: **Die draak [Satan] was vertoorn op die vrou [kerk], en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge [die oorblyfsel] wat die gebooi van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.** Hier lees ons van die oorblyfsel. Lees ons van 'n oorblyfsel in die Bybel dwarsdeur die eeue? Ja. Het God altyd 'n oorblyfsel gehad? Ja.

Wil jy graag die oorblyfsel volk van God vandag vind? Dit is hulle wat, uit groot liefde vir Jesus en in reaksie op Sy offer aan die kruis, die gebooi van God wil onderhou. Drie keer beskryf die boek Openbaring God se ware, laaste-dae kerk as hulle wat Sy gebooi onderhou. Openbaring 14:12

voeg by: **Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooe van God en die geloof van [en in] Jesus bewaar.**

God se volk, Sy oorblyfsel, sal in die laaste dae al Sy gebooe, insluitende Sy Sabbat [Saterdag] onderhou. Volgens die Bybel self, kan enige kerk, wat nie die ware Sabbat onderhou nie, nie die oorblyfsel wees nie. Dit mag goeie dinge leer; dit mag die Bybel gebruik en mense help om Jesus te vind. Maar dit is nie die oorblyfsel van God vandag nie. Volgens die Skrif, die oorblyfsel van God **bewaar [onderhou] die gebooe van God.**

Het God dit nie eenvoudig gemaak om die identiteit van Sy oorblyfsel te ontdek nie? Hy het 'n duidelike toets gegee. Hy het dit eenvoudig gemaak, maar mense probeer om dit gekompliseerd te maak.

Iemand mag dink: *Dit maak geen verskil of 'n persoon die Sabbat onderhou en of 'n kerk die belangrikheid om die gebooe van God vandag te onderhou gehoorsaam nie.* Maar wat sê jou Bybel?: **Salig is die wat sy gebooe doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.** - Openbaring 22:14. Manne en vroue wat deur Jesus Christus gered is, wat van hulle sonde deur Sy genade gereinig is, wat Hom liefhet, sal Sy gebooe onderhou en sodoende deur die hekke daardie stad binnegaan. Ja, vriende, die Bybel gee ons 'n toets. Is die kerk wat jy bywoon 'n Sabbat-onderhoudende kerk? Is dit 'n kerk wat die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid leer?

GOD SE WEKROEP TOT JOU

Glo jy die Bybel, God se Woord, is belangriker as tradisie? [Die HAT definieer tradisie as: 1. Die oordra van geslag aan geslag, mondelings of in geskrif, van geestelike besittings, kultuurgoedere. 2. Die navolging van vaste, oorgelewerde gebruike, menings, gevoelens, beginsels, ens. 3. Gebruike wat binne 'n groep oorgelewer is]. Het jy Christus as jou persoonlike Verlosser aangeneem? Glo jy Jesus kom regtig weer? Het jy

die waarheid omtrent die Bybelse Sabbat en die toestand van afgestorwenes aanvaar? Daar is mense wat vir my vra: "Kan ek nie in my kerk bly en dit hervorm nie?" God sê jy moet uit Babilon kom. Jy mag wonder: "Kan ek die waarheid glo en bly net waar ek is?" Vriend, in elke afvallige- of wêreld-gelykvormige kerk is daar lidmate van God se onsigbare, ware kerk wat, as hulle veilig wil wees, moet uitkom. God roep jou om uit te kom, omdat Babilon geval het.

Die beroemde Katolieke outeur, kardinaal Gibbons, sê: *"Rede en begrip vereis die aanvaarding van die een of die ander van hierdie alternatiewe: òf Protestantisme en die heilig hou van Saterdag, òf Katolisisme en die heilig hou van Sondag. Kompromie is onmoontlik."* - Catholic Mirror, 23 Desember 1893. Ek stem volkome met kardinaal Gibbons op hierdie punt saam. Die Katolieke kardinaal was reg toe hy gesê het dat kompromie onmoontlik is! Hierdie kwessies is te duidelik. Hulle vereis 'n keuse. Hierdie getuienis vereis 'n beslissing. God roep manne en vroue om standpunt in te neem.

Luister na die woorde van die Skrif: **Hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon.** - Openb. 18:2. Die moeder kerk het geval. Haar tradisies het geval. Hierdie kerk, met klere van skarlaken en pers, het geval. Haar stelsel van beelde het geval. Alle instellings met die vals lering aangaande die toestand van afgestorwenes en die Sabbat het geval. Hulle het van die Skrif as die enigste gesag van geloof en praktyk afgedwaal.

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie (vers 4). Daar is nie 'n manier om in Babilon te bly sonder om in haar sondes te deel nie. Babilon het geval! Daar is geen manier wat jy haar kan verander nie. Jou sending, jou taak is om uit te kom.

God roep opregte manne en vroue uit daardie kerke wat van die bedwelmd-makende drank van Babilon gedrink het. Binnekort gaan die tyd uitloop. Binnekort sal elke mens sy of haar finale keuse moet maak: ten volle vir Christus of ten volle vir tradisie; òf aan die kant van waarheid òf aan die kant van dwaling; staan jy op die Skrifte of staan jy by mense en menslike plaasvervangers.

Ons enigste veiligheid is om uit elke kerk te kom wat op tradisie gebaseer is, wat beelde in sy aanbidding gebruik, wat van die bedwelmd-makende drank gedrink het en wat steeds Sondag-aanbidding beoefen, wat in die onsterflikheid van die siel glo. God se wekroep is om uit te kom!

Jesus het gesê: **My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.** - Johannes 10:27. Hy sê: "My kind, ek doen 'n beroep op jou. Ek het My skape, My volgelinge, in elke kerk. Ek doen 'n beroep op alle denominasies om hulle vooraf-gevormde opinies ter syde te stel en die Bybel te volg. Ek spreek tot harte oral om uit te kom uit daardie kerke wat op tradisie gebaseer is."

Met jou Bybel in jou hand, sê vir Jesus: Ek kan nie anders nie; ek moet uitkom. Ek hoor U roepstem tot my hart. Ek sien hoe die heidendom en die Christendom in daardie vroeë eeue verenig het. Ek sien die saak nou baie duidelik. Ek sien dat God Sy klein oorblyfsel uit roep en ek het besluit om vir U, Here Jesus, standpunt in te neem. Ek is gewillig om uit te kom, selfs al beteken dit dat ek alleen staan. Omdat ek U liefhet, begeer ek om deel te wees van U gebooie-onderhoudende volk. Ek hoor U stem saggies fluister: **As jy My liefhet, bewaar My gebooie.** Ja, Here, ek sal volg!

As jy nie gewillig is om 'n verandering in jou lewe te maak wanneer God die waarheid aan jou openbaar nie, sal jy nooit in staat wees om die waarheid te verstaan nie. As jy tevrede is waar jy is, as jy in jou standpunt

vasgeanker is en sê: "Ek sal nooit 'n verandering maak nie", sal jy nooit God se waarheid ken soos jy behoort nie. As jou verstand toegesluit is vir toekomstige openbarings, word dit onmoontlik om werklik die waarheid te ken. Voor ons werklik kan weet wat God wil hê ons moet doen, moet daar diep in ons harte 'n gewilligheid wees om te sê: "Here, as dit 'n verandering behels om U waarheid te volg, gaan ek daardie verandering maak. Here, as dit 'n herrangskikking van my lewe beteken, maak U die verstelling, want ek wil U volg."

Maar iemand vra: Kan jy regtig seker wees van die waarheid? In Johannes 8:32 beantwoord Jesus self hierdie vraag. Hy sê: **Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.** Jesus sê: "As julle die waarheid wil ken, as jy in jou hart begeer om dit te weet, as jy gewillig is om 'n verandering in jou lewe te maak soos wat God die waarheid aan jou openbaar, sal jy dit ken." Jesus sê: "Ek sal die waarheid aan jou in my Woord openbaar."

Vriend, dit is geen toeval dat jy hierdie boekie gelees het nie. Van die miljoene mense in die wêreld het die Gees van God jou by hierdie punt in jou lewe gebring om iets wonderliks aan jou te openbaar. Die Gees wil die glorieryke feit aan jou openbaar dat God 'n beweging [kerk] in hierdie laaste dae van die aarde se geskiedenis het. Wil jy nie besluit jy gaan deel wees van God se laaste-dae beweging [kerk] wat in harmonie met die profesieë van die boek Openbaring tot stand gekom het nie?

Die Sewendedag Adventiste Kerk is die beweging met 'n eindtyd bestemming wat God in die boek Openbaring voorspel het. Dit is daardie beweging wat God self aangewys het. Dit het al die identifiserende kenmerke wat die Skrif beskryf.

Vader, ek glo U het 'n plan vir elke lewe. Ek glo U bring die waarheid tot my hart op die regte tyd, sodat ek daarop kan reageer om U in geloof te

volg. Dwarsdeur die eeue van sonde het U 'n volk, 'n kerk gehad wat getrou aan U was. U het 'n oorblyfsel in hierdie laaste dae voordat Jesus kom en ek wil deel van U ware oorblyfsel kerk wees. Help my om my beslissing te maak om U te volg. Dankie Vader. Amen.

4. Mark Finley - Why so Many Denominations?

5. SABBAT (SATERDAG) OF SONDAG – WIE GEE OM?

Lank gelede toe God besluit het om die planeet waarop ons leef te skep het Hy besluit om dit in sewe dae te doen (vgl. Genesis 1 en 2). In daardie sewe dae het alles waaruit ons planeet bestaan tot stand gekom: lig, lug, land, water, voëls, diere, die mens, ens. Alhoewel, slegs een item op God se goddelike wat-om-te-doen lys, het die voorreg ontvang om geseën en "heilig" genoem te word. **En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.**

Die finale dag van daardie week, die dag wat as die Sabbat bekend staan, is die kroon van die wêreld wat God so pas geskep het. God het selfs nie eers die eerste twee mense "geseënd" en "heilig" genoem soos Hy met hierdie ongelooflike dag gedoen het nie. Die Sabbat is die kersie op God se skeppende vermoë. Hy het hierdie gewyde oomblik so belangrik beskou dat Hy dit selfs deel van die Tien Gebooue gemaak het.

Die sewende dag van ons week is 'n betekenisvolle herinnering aan 'n grootse Skepper. God het ons ses dae gegee waarop ons alle soorte dinge kan maak. God het die Sabbat geskep om ons te herinner dat wat ons skep nie soos Syne is nie. Dit is 'n dag om ons te herinner dat ons nie God is nie.

Die bewoording wat God in die vierde gebod gebruik het, verskyn ook in Openbaring 14:7: **Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.** Johannes sê dit is 'n engel wat hierdie verklaring maak. So dit moet 'n belangrike verklaring wees. En die feit dat God 'n engel stuur om die woorde van die vierde gebod te herhaal sê vir ons dat mense herinner moet word aan die God wat alles gemaak het en dat hulle Hom moet aanbid - in teenstelling daarmee om iets of iemand anders - te aanbid.

Die Sabbat is meer as 'n dag, dit is 'n gewyde tyd wat God Homself geskep het - so almal wat daarmee peuter en probeer om dit te herskeduleer sê, deur hulle dade/handelswyse, dat hulle dieselfde gesag as God het - hulle is aan God gelyk. Maar slegs God kan God se wette verander.

Ongelukkig, terwyl God se Sabbat die sewende dag van die week [Saterdag] is, dink mense nou dat God se dag Sondag is. Hierdie klein oorskakeling veroorsaak 'n baie groot probleem. Dit wys dat iets of iemand God se plek in jou lewe en in die lewens van almal op die planeet wil inneem. En dit word op so 'n wyse gedoen om mense te laat dink dat hulle God aanbid, terwyl hulle in werklikheid iemand of iets heeltemal anders volg.

Ons verlossing is van Jesus Christus afhanklik, enigiets wat Hom vervang, stel ons verlossing in gevaar. Ons moenie kies om meer aansien aan mensgemaakte reëls en sisteme te gee as aan die wat God ons gegee het nie.

Die waarheid van die Sabbat is ryk geskakeer, maar wat in die profesie van Daniël 7 op die spel is, is die vraag wie se gesag ons volg: God s'n of die van die pous van die Rooms-Katolieke Kerk? Kyk ons na die Skrif of na mensgemaakte tradisie? Die keuse is ons s'n - tesame met die gevolge.

6. DIE DERDE PERSOON IN DIE GODHEID IN DIE GESKRIFTE VAN ELLEN G. WHITE – DR. HERMANN KESTEN

Oral waar ons kyk, sien ons baie bewyse dat ons in die laaste dae van die aarde se geskiedenis leef. Soos ons na die eindtyd tydperk kyk, moet ons erken dat hierdie tydperk bykans verby is, so ons leef aan die einde van die eindtyd tydperk. Dit is in besonder waar as ons die tekens van die tye in die adventbeweging herken. Daar is nie slegs afvalligheid van die hoofstroom Adventisme nie, maar die toename in fanatisme wat ons oral sien, wys vir ons dat ons in die tyd van skudding en sifting is en dat ons in 'n hewige stryd met die aartsvyand van God is. In Openbaring 12 vind ons hierdie oorlog van Satan teen die geliefde kerk van God. In vers 17 staan: **En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.**

Dit maak dit vir ons baie eenvoudig. Al waarvan ons bewus moet wees, is dat ons voete stewig op die Tien Gebooie en die Gees van Profesie (Openbaring 19:10) staan. Somtyds mag ons verwar wees wanneer ons na 'n debat oor leerstellings luister en ons nie weet watter standpunt reg is nie. Maar as ons dit in die lig van Openbaring 12:17 beskou, word dit gewoonlik weer heel eenvoudig. Maak nie saak hoe oortuigend 'n argument vir ons mag lyk nie, as dit ons weglei van, of in opposisie met die Tien Gebooie of die Gees van Profesie bring, moet ons weet dat hierdie standpunt verkeerd is.

DIE HEEL LAASTE MISLEIDING

Dit is in die besonder waar ten opsigte van die derde persoon in die Godheid. In onlangse jare het 'n toenemende aantal Sewendedag= adventiste geweier om te glo dat die Heilige Gees die derde persoon in die Godheid is. Hulle argumenteer met die Bybel en kwoteer soms die Gees van Profesie. Maar sodra hulle aanhalings van Ellen G. White gewys word waarin sy die Heilige Gees die derde persoon van die Godheid noem, het hulle geen ander argument as "Hierdie aanhaling was verander" nie.

Dit toon dat die werklike kwessie nie die Godheid is nie, maar die Gees van Profesie. Indien ons enigets in die geskryfte van Ellen G. White lees en tot die gevolgtrekking kom dat sy verkeerd is en ons reg is, kan ons seker wees dat Satan in sy oorlogvoering teen die Gees van Profesie geslaag het en dat ons geskei is van die oorblyfsel wat die getuienis van Jesus het, wat die Gees van Profesie is.

Ons was nie gewaarsku dat die heel laaste misleiding omtrent die Godheid sou wees nie, maar om die getuienis kragteloos te maak. "Die heel laaste misleiding van Satan sal wees om die getuienis van die Gees van God kragteloos te maak. **Waar die wil van die Here nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk** - Spreuke 29:18. Satan sal vernuftig, op verskillende maniere en deur verskillende tussengangers, werk om die vertroue van God se oorblyfsel volk in die ware getuienis te verwar. - Letter 12, 1890." - *Selected Messages, Book I*, 48.

Hierdie skeptici is vergelykbaar met soldate wat glo dat die bevel van hulle generaal 'n misleiding van die vyand is. As 'n loods begin glo dat die bevel wat hy in sy straalbomwerper ontvang van die vyand kom, sal hy die teenoorgestelde doen van wat hy veronderstel is om te doen en sal verseker sterf. Maar jy kan nie in God se weermag gebruik word as jy nie

doen wat Hy vir jou sê nie. **En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie?** - Lukas 6:46.

"Een ding is seker: Daardie Sewendedagadventiste wat hulle standpunt onder die banier van Satan inneem, sal eerste hulle geloof in die waarskuwings en vermanings in die *Getuienisse van God se Gees* laat vaar." - *Selected Messages, Book 3, 84.*

'N MISTERIE NIE DUIDELIK GEOPENBAAR NIE

In 'n brief van broeder Chapman was Ellen White omtrent sy besondere beskouing aangaande die Heilige Gees gevra. Hy het geglo dat die Heilige Gees nie 'n persoon of 'n persoonlikheid [karakter] van die Godheid is nie, "maar die engel Gabriël." - *Manuscript Releases, vol. 14, 175.* In die verwerping van hierdie beskouing maak sy dit duidelik dat die natuur of karakter van die Heilige Gees nie ten volle aan ons geopenbaar is nie.

"Sommige probeer voortdurend om oorspronklik te wees, om iets nuuts en verrassends na vore te bring....."

Jou idees van die twee onderwerpe wat jy noem, harmoniseer nie met die lig wat God my gegee het nie. *Die natuur of karakter van die Heilige Gees is 'n misterie wat nie duidelik geopenbaar is nie* en jy sal nooit in staat wees om dit aan ander te verduidelik nie, omdat die Here dit nie aan jou geopenbaar het nie. Jy kan Skrifgedeeltes bymekaarsit en jou verklaring of uitleg daaraan gee, maar die toepassing is nie korrek nie. Die uitleg of kommentaar waarmee jy jou standpunt ondersteun, is nie suiwer in die Woord nie. Jy mag sommige lei om jou uiteensettings te aanvaar, maar dit sal hulle niks baat nie. Hulle sal ook nie in staat wees, deur jou beskouings te aanvaar, om ander te help nie.

Dit is nie vir jou noodsaaklik om te weet en in staat te wees om presies te verklaar wat die Heilige Gees is nie. Christus sê vir ons dat die Heilige

Gees die Trooster is en dat die Trooster die Heilige Gees is..... [Joh. 14:16,17 aangehaal]" - *Manuscript Releases*, vol. 14, 178,179. [Beklemtoning verskaf.]

Ellen White wys daarop dat die natuur of karakter van die Heilige Gees 'n ondergeskikte kwessie is en stel dit in mooi woorde dat iemand wat glo dat die Heilige Gees nie 'n persoon is nie die werk van God meer sal dien as hy/sy stilbly. Sy gaan voort: "Daar is baie misterieë wat ek nie probeer verstaan of kan verduidelik nie. Hulle is vir my te verhewe en te verhewe vir jou. Vir sommige van hierdie dinge geld, swye is goud." - *Manuscript Releases*, vol. 14,179. (vgl. Deuteronomium 29:29.)

Hierdie gedagte word in *The Act of the Apostles*, 52 herhaal: Die aard van die Heilige Gees is 'n verborgenheid. Mense kan dit nie verklaar nie, want God het dit nie aan hulle geopenbaar nie. Mense met vergesogte idees kan Skrifgedeeltes saamflans en daar 'n menslike uitleg aan gee, maar dit sal die gemeente nie versterk om hierdie idees aan te neem nie. Aangaande sulke verborgenhede wat vir die menseverstand te diep is, is swye goud."

Mense wat dink hulle het die las om te verkondig dat die derde persoon van die Godheid 'n pouslike dwaalleer is, moet aandag gee aan die slotwoorde van suster White aan broeder Chapman: "Nou, my broeder, dit is die waarheid wat ons wil en moet hê, maar moenie dwaalleer as nuwe waarheid voorstel nie." - *Manuscript Releases*, vol. 14, 180.

AANHALINGS VERANDER?

Nou, kyk mooi na 'n paar aanhalings wat na die Heilige Gees as die derde persoon van die Godheid verwys. Daar word dikwels gesê dat die aanhalings in die boek *Evangelism* 'n vervalsing is. Hierdie boek was die eerste keer etlike jare na Ellen White se dood gepubliseer en dit word

gesê dat hierdie aanhalings sonder haar goedkeuring bygevoeg is. Kyk na die eerste een:

"Die Trooster, wat Christus beloof het om te stuur na Hy na die hemel opgevaar het, is die Gees in al die volheid van die Godheid om die krag van Goddelike genade te openbaar aan almal wat in Christus glo en Hom as hulle persoonlike Verlosser aanvaar. Daar is drie lewende persone van die hemelse drietal; in die naam van hierdie drie groot kragte - die Vader, die Seun en die Heilige Gees - word diegene wat Christus deur geloof aanvaar, gedoop. Hierdie kragte sal met die gehoorsame onderdane van die hemel saamwerk in hulle pogings om die nuwe lewe in Christus te lewe. - *Special Testimonies, Series B, nr. 7, pp 62,63 (1905).*" *Evangelism, 615.* [Beklemtoning voorsien.]

Toe Ellen White in Australië was, het sy gehelp om Avondale skool te stig. In 1899 het sy die studente van die skool toegespreek: "Ons moet besef dat die Heilige Gees, wat net soveel 'n persoon is as wat God 'n persoon is, oor hierdie terrein loop." - *Manuscript 66, 1899. Evangelism, 616.*

Jy kan dit nie duideliker stel nie. Die Heilige Gees is net soveel 'n persoon as wat God die Vader 'n persoon is.

Jy sal ook hierdie aanhaling in *Sermons and Talks, vol. 2, 137; Manuscript Releases, vol. 7, 299; en The Faith I live By, 52* vind. As jy mooi kyk, sal jy opmerk dat Ellen White hierdie teks gelees het, soos sy gewoon was om te doen, nadat dit deur haar sekretaresse getik was en sy het 'n paar opmerkings gemaak. Somtyds het sy sommige woorde deurgehaal, maar aangaande die derde persoon van die Godheid het sy dit nooit gedoen nie. Dit was presies getik soos sy dit wou hê. Daar is hoegenaamd geen vervalsing nie.

Daar is ook 'n aanhaling in *Evangelism*, 617. Ellen White het ook die oorspronklike dokument gelees nadat dit deur haar sekretaresse getik was. Sy het haar finale goedkeuring verleen deur die volgende woorde te skryf: "Ek het dit versigtig gelees en aanvaar dit."

In daardie dokument vind jy die woorde, "Die Heilige Gees het 'n persoonlikheid, anders kon Hy nie tot ons geeste en met ons geeste getuig dat ons kinders van God is nie. Hy moet ook 'n Goddelike persoon wees, anders kon Hy nie die geheime wat verborge in die gedagtes of verstand van God is, vasstel nie.....

In dieselfde dokument vind jy 'n volgende aanhaling wat in *Evangelism*, 616 gepubliseer was. "Die Heilige Gees is 'n persoon, want Hy getuig saam met ons geeste dat ons kinders van God is." Hierdie woorde kan in mev. White se eie handskrif gelees word.

Een bekende aanhaling wat in baie Sewendedagadventiste se huise beskikbaar is, kan in die *Sewendedag Adventiste Bybelkommentaar*, vol. 6, 1074 gevind word: "Die werk is aan elke siel geopenbaar wat sy geloof in Jesus Christus deur die doop erken en 'n ontvanger van die waarborg van die drie persone - die Vader, die Seun en die Heilige Gees - geword het.

'n Volgende handgeskrewe verklaring was in *Manuscript Releases*, vol. 20, 324 gepubliseer: "Die Heilige Gees is die Trooster, in Christus se naam. Hy personifieer Christus, nogtans as 'n afsonderlike persoonlikheid."

GEEN RUIJTE VIR TWYFEL

Ek kon verklaring na verklaring aanhaal. Daar is ook baie ander aanhalings uit tydskrifte wat gedurende Ellen White se leeftyd verskyn het. Dit was wyd versprei dwarsdeur Adventisme in haar leeftyd. Jy kan ook herdrukke van tydskrifte soos die *Review and Herald of Signs of the Times*, indien dit beskikbaar is, naslaan om die oorspronklike uitgawe wat

deur Ellen White goedgekeur is te sien. Dit was gedurende haar leeftyd uitgegee. Sien dit met jou eie oë. Daar is hoegenaamd geen twyfel nie.

Aan diegene wat steeds nie kan glo dat die Heilige Gees die derde persoon van die Godheid is nie, wil ek graag vra: Hoekom aarsel jy? Hoekom twyfel jy? Wie het hierdie twyfel in jou hart geplant? Is dit God wat wil hê jy moet Sy Woord betwyfel, of is dit Sy vyand? God is ontevrede, omdat jy die woorde van Sy profeet betwyfel.

Wanneer jy eendag voor die troon van God sal staan en Hy jou vra hoekom jy nie geglo het dat die Heilige Gees die derde persoon van die Godheid is nie, sal jy moet erken dat jy nie Sy Woord vertrou en geglo het dat dit verander was. God sal dan vir jou sê: Jy is die een wat dit vir jouself verander het. Kon jy nie My woorde glo nie, **Geen enkele Woord het onvervuld gebly nie....** - 1 Konings 8:56? Of, **U getuienisse is baie betroubaar....** - Psalm 93:5?

GEEN AFWYKINGS

Glo jy nie dat God in staat is om Sy Woord onveranderd vir jou en my verlossing vandag te bewaar nie? Het Hy jou beveel om die regter oor Sy Woord te wees om te besluit wat waar en wat onwaar is?

Moenie hierdie bysaak 'n onderwerp oor verlossing maak nie. Ellen White sê: "Die natuur van die Heilige Gees is 'n misterie. Die mens kan dit nie verduidelik nie, omdat die Here dit nie aan hulle geopenbaar het nie." - *The Acts of the Apostles*, 52. Deur jou verstand met hierdie vraag besig te hou lei die Satan jou weg van die Drie Engele se Boodsappe.

"Hier is jou gevaar, om verstande van die werklike kwessies vir hierdie tyd weg te lei." - *Manuscript Releases*, vol. 14, 180. Hierdie woorde was aan broeder Chapman, wat 'n paar besondere idees omtrent die Heilige Gees gehad het, geskryf.

"Ons moet bid vir Goddelike verligting, maar terselfdertyd moet ons versigtig wees hoe ons alles wat nuwe lig genoem word, ontvang. Ons moet oppas dat, onder die dekmantel van die soeke na nuwe waarheid, Satan nie ons verstande van Christus en die spesiale waarhede vir hierdie tyd aflei nie. Ek was getoon dat dit die plan van die vyand is om verstande te lei om by een of ander onbelangrike of onduidelike punt stil te staan, iets wat nie ten volle geopenbaar of nie belangrik vir ons verlossing is nie. Dit word die boeiende tema, die 'waarheid vir die huidige', gemaak, terwyl al hulle ondersoeke en vermoedens slegs dien om sake onduideliker as voorheen te maak en om die verstande van sommige te verwar wat na eenheid, deur heiliging van die waarheid, behoort te strewe." - *Manuscript Releases*, vol. 14, 178.

Die bewyse is duidelik. As haar handskrif en die oorspronklike lêers nie diegene oortuig wat twyfel nie, sal selfs 'n engel uit die hemel of God se eie stem hulle nie kan oortuig nie. So eindig ek met 'n Bybelteks en spoor julle aan om julle standpunt in te neem saam met diegene wat die "getuienis van Jesus" (Openbaring 12:17), wat die "Gees van Profesie" (Openbaring 19:10) is. **Glo in die Here julle God, dan sal julle bevestig word; glo aan sy profete dan sal julle voorspoedig wees.** - 2 Kron. 20:20.

"Sonde kan weerstaan en oorwin word slegs deur die magtige tussenkoms van die derde persoon van die Godheid?" - *The Desire of Ages*, 671.

"Hy het bepaal om Sy verteenwoordiger, die derde persoon van die Godheid te gee." - *Seventh-day Adventist Bible Commentary*, vol. 6, 103; *The Signs of the Times*, December 12, 1898; *My life Today*, 36.

"Sonde het vir eeue lank geakkumuleer en kan slegs bedwing en weerstaan word deur die magtige krag van die Heilige Gees, die derde persoon van

die Godheid." - *Testimonies to Ministers and Gospel Workers*, 392, 1896; *The Upward Look*, 51.

"Die ewige, hemelse hoogwaardigheidsbekleërs - God en Christus en die Heilige Gees - rus hulle [die dissipels] toe met meer as sterflike energie en werk met hulle saam om die wêreld van sonde te oortuig. - *Manuscript* 145, 1901." - *Evangelism*, 616.

"Die prins van die bose magte kan slegs aan bande gelê word deur die krag van God in die derde persoon van die Godheid, die Heilige Gees." - *Evangelism*, 617.

"Ons moet met die drie hoogste magte in die hemel saamwerk - die Vader, die Seun en die Heilige Gees - en hierdie magte sal deur ons werk en ons medewerkers met God maak." - *Evangelism*, 617.

"Sonde kan slegs weerstaan en oorwin word deur die magtige tussenkoms van die derde persoon van die Godheid, wat met geen veranderde energie sal kom nie, maar in die volheid van Goddelike krag." - *The Desire of Ages*, 671; *Review and Herald*, May, 19, 1904.

"Die plegtigheid van die doop word bedien in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. Hierdie drie groot magte van die hemel sal met die gehoorsame persone saamwerk in hulle pogings om die nuwe lewe in Christus te leef. - " *Special Testimonies*, series B, no. 7, 63.

[Dr. Hermann Kesten is 'n dokter en ouderling van die Historiese Sewendedag Adventiste Kerk in Berlyn, Duitsland.]

Wanneer jy mislei is, weet jy nie dat jy mislei is nie, omdat jy mislei is!!!!

Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood. - Spreuke 14:12.

Mag die Drie-enige God jou teen misleiding beskerm.

*Open my eyes, that I may see
Glimpses of truth Thou hast for me;
Place in my hands the wonderful key
That shall unclasp and set me free.
Silent now I wait for Thee,
Ready, my God, Thy will to see;
Open my eyes, illumine me, Spirit divine!!*

Clare H. Scott